

**INTERKULTURELE KOMMUNIKASIE EN LITERATUURONDERRIG IN 'n
MULTIKULTURELE KONTEKS: 'n KRITIESE ANALISE VAN TAXI EN KEERPUNT**

Angumuthoo Thungaveloo

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

AFRIKAANS EN NEDERLANDS

aan die

**PROGRAM VIR AFRIKAANS EN NEDERLANDS
UNIVERSITEIT VAN NATAL
DURBAN**

STUDIELEIER: Mnr. A. Visagie

Maart 2001

VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Angumuthoo Thungaveloo, dat die werk hierin vervat my eie oorspronklike werk is wat nie vantevore in die geheel of gedeeltelik voorgelê is ter verkryging van 'n graad by enige ander universiteit nie.

Angumuthoo Thungaveloo
Handtekening

2001-11-28
Datum

DANKBETUIGINGS

Ek wil my eerlike dank en waardering uitspreek teenoor die volgende persone en instansies:

- my studieleier, mnr A. Visagie, vir sy leiding, wysheid, hulpvaardigheid en geduldige en bedagsame hantering van my tekortkominge.
- die Program vir Afrikaans en Nederlands en die Universiteit van Natal vir die finansiële ondersteuning wat hulle verleen het.
- my eggenoot, Mimi, en ons dogters, Trishann, Chris Anne en Roxanne, vir hul morele ondersteuning, liefde en ongelooflike geduld en hulp waarsonder ek nie hierdie graad sou voltooi het nie. Hierdie werk word aan my vrou opgedra.
- my suster Vasie, en haar man Jayce wat hulle huis as verblyfplek beskikbaar gemaak het wanneer ek navorsingswerk moes doen.
- die Here, Jesus Christus, in wie se vergifnis en medelye ek daaglik loop.

Opsomming

Die doel van hierdie studie is om ondersoek in te stel na hoe literatuuronderrig in 'n multikulturele konteks effektief gebruik kan word om interkulturele kommunikasie en begrip te bevorder veral nou dat Suid Afrika 'n relatief nuwe demokrasie in 'n oorgangsperiode is. Hierdie doel word nagestreef deur geselekteerde kortverhale uit die gekose kortverhaalbundels, *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995), te analiseer met verwysing na kernelemente vanuit die teorievorming oor interkulturele kommunikasie asook die kriteria vir 'n multikulturele teks.

Aan die einde van hierdie studie word aangedui of die gekose kortverhaalbundels geskikte tekste is om interkulturele kommunikasie en begrip in 'n multikulturele konteks te bevorder deur literatuuronderrig.

Abstract

The aim of this study is to determine how literature teaching in a multicultural context can be used effectively to promote intercultural communication and understanding in South Africa, a relatively young democracy in a period of transition. A selection of short stories from the chosen short story anthologies, *Taxi* (1996) and *Keerpunt* (1995), will be analysed with reference to both key elements from theories about intercultural communication and the criteria for multicultural texts.

The study will be concluded by a statement about the suitability of the chosen anthologies to promote intercultural communication and understanding through the teaching of literature within a multicultural context.

INHOUDSOPGAWE

<u>AFDELING 1</u>	INLEIDING	1
<u>AFDELING 2</u>	INTERKULTURELE KOMMUNIKASIE EN VERWANTE KERNBEGRIPPE	4
2.1.	Interkulturele kommunikasie	4
2.2.	Kultuur	5
2.3.	Kommunikasie	5
2.4.	Multikulturalisme	6
2.5.	Etnosentrisme	7
2.6.	Identiteit (Self) en Alteriteit (Ander)	7
2.7.	Kultuurskok	8
2.8.	Stereotipering	9
<u>AFDELING 3</u>	DIE TEORIEVORMING OOR INTERKULTURELE KOMMUNIKASIE	13
3.1.	Inleidende opmerkings	13
3.2.	Die angs-onsekerheidsreduksieteorie	14
3.2.1.	Kernelemente van die teorie	14
3.2.2.	Veronderstellings van die teorie	15
3.2.3.	Aksiomas van die teorie	17
3.3.	Die netwerkteorie	20
3.3.1.	Veronderstellings onderliggend aan die teorie	20
3.4.	Die sisteemteorie	22
3.4.1.	Die veronderstellings van die teorie	23
3.4.2.	Aksiomas van die teorie	24
3.4.3.	Voorstelle van die teorie	25
<u>AFDELING 4</u>	’N ANALISE VAN GESELEKTEERDE KORTVERHALE UIT <i>TAXI</i> (1996) EN <i>KEERPUNT</i> (1995)	27
4.1.	Inleidende opmerkings	27
4.2.	’n Analise van geselekteerde kortverhale uit <i>Taxi</i> (1996)	28
4.3.	’n Analise van geselekteerde kortverhale uit <i>Keerpunt</i> (1995)	33
<u>AFDELING 5</u>	INTERKULTURELE KOMMUNIKASIE, LITERATUURONDERRIG EN MULTIKULTURELE OPVOEDING	37
5.1.	Multikulturele opvoeding : definisie, doel en kritiek	37
5.2.	Kriteria vir die evaluering van <i>Taxi</i> (1996) en <i>Keerpunt</i> (1995)	39
5.3.	Evaluering van <i>Taxi</i> (1996) en <i>Keerpunt</i> (1995) as multikulturele	

tekste	40
5.4. Die bruikbaarheid van geselekteerde kortverhale uit <i>Taxi</i> (1996) en <i>Keerpunt</i> (1995) sonder 'n multikulturele inhoud	41
5.5. Gevolgtrekking	45
<u>AFDELING 6</u> SLOTOPMERKINGS	47
ENDNOTE	48
BIBLIOGRAFIE	49

AFDELING 1

1. Inleiding

Met die koms van demokrasie in Suid-Afrika in 1994 het die multikulturele tweedetaalklaskamer uiteindelik 'n werklikheid geword. Die tweedetaalklaskamer bestaan nou uit leerders wat van verskillende kulture kom. Ek stem saam met Kruger (1995 : 1) dat hierdie kulture onlosmaaklik deel van mekaar is, hoofsaaklik omdat die onderskeie mense in dieselfde land woon en in kontak met mekaar kom. Om die multikulturele tweedetaalklaskamer 'n doeltreffende opvoedingsterrein te maak is dit noodwendig dat die leerders in sulke klaskamers met mekaar interkultureel kommunikeer en mekaar interkultureel verstaan. Sulke interkulturele begrip van mekaar word imperatief veral om die rede dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap in die verlede om histories-politieke redes in verskillende etniese groepe verdeel is. Kim (1988b : 12) definieer interkulturele kommunikasie as direkte kommunikatiewe ontmoetings tussen of onder individue van verskillende kulturele agtergronde.

Bredella (1988 : 1) beklemtoon die belangrikheid van interkulturele begrip in die kurrikulum van skole en universiteite deur die volgende opmerking te maak:

If we want to survive in a world where nations are becoming more and more interdependent, we must learn to solve our problems and conflicts peacefully, and this will only be possible if we understand and respect one another. No nation or culture can exist independently any longer (1988 :1).

My ervaring van die multikulturele opvoedingsituasie as 'n hoërskoolonderwyser beklemtoon verder hoe dringend noodsaaklik dit is om interkulturele kommunikasie en begrip onder Suid-Afrikaanse leerders te bevorder. Gereeld merk ek op hoe leerders van dieselfde kultuurgroep by mekaar aansluit in die klaskamer asook in die gange en op die speelgronde. In sulke omstandighede is leerders van dieselfde kultuurgroep, veral die swart leerders, geneig om in hulle hooftaal te kommunikeer. Van der Linde (1997 : 7) bevestig hierdie fenomeen deur op te merk dat mense natuurlik met hulle eie

kultuurgroep wil kommunikeer.

Ek stem saam met Kruger (1995:4) dat die onderrig van letterkunde in die tweedetaalklaskamer 'n positiewe bydrae kan lewer om interkulturele begrip te bewerkstellig. Syndram in Kruger (1995:4) beweer literatuur is 'n ekspressiewe medium met estetiese krag en ooredingsvermoë vir die oordra van politieke en kulturele ideale soos wat dit vorm aanneem in interkulturele konfrontasie. Bredella (1988 : 21) sê literêre tekste is belangrik vir interkulturele begrip om twee redes : eerstens laat dit die leser die wêreld van vreemde perspektiewe sien en tweedens het die literêre tekste te make met basiese waardes, oortuigings en konflikte van 'n kultuur wat vanuit verskillende perspektiewe ondersoek word.

Dis belangrik om daarop te let dat die gebruik van letterkundeonderrig om interkulturele kommunikasie in 'n multikulturele konteks te bevorder 'n nuwe terrein van ondersoek is. Selfs die fenomeen van interkulturele kommunikasie en die teorie daaromtrent wat sterk op die sosiale wetenskappe gemik is, is relatief nuut. Ellingworth (1988 : 261) beweer dat 'n waarneming in 1980 gemaak is dat die ontwikkeling van interkulturele kommunikasie as 'n gebied van ondersoek gebaseer is op onderwys opleiding, anekdotes, en 'n relatiewe klein korpus van navorsingswerk. Die ondersoek van interkulturele kommunikasie en letterkundeonderrig kan in hierdie navorsingsartikel dus beskou word as 'n verkenning van 'n betreklik nuwe studieterrein.

Alhoewel die studie van interkulturele kommunikasie tot dusver grootliks 'n sosiale fenomeen beskou is, kan dit maklik en doeltreffend toegepas word in die multikulturele opvoedingskonteks, veral in letterkundeonderrig. Die skool is immers, soos Van der Linde (1997:7) ook opmerk, 'n sosiale instelling. Grobler in Van der Linde (1997 : 7) verklaar dat mense sosiale wesens is wat 'n betekenisvolle bestaan kan lei deur hulle verhoudinge met ander mense in 'n gemeenskap of samelewing. Enige opvoedkundige instelling is 'n gemeenskap.

Volgens Collier (1994: 43) is kulturele bevoegdheid die gedemonstreerde vermoë om

'n kulturele identiteit voor te hou op 'n wedersydse geskikte en doeltreffende manier, maar interkulturele bevoegdheid is meer kompleks. Interkulturele bevoegdheid is die vermoë om identiteite wat kultureel verskillend is en wat in n besondere situasie opvallend is (1994:43) te versterk. Guirdham (1999:228) meen verder dat interkulturele bevoegdheid die gedemonstreerde vermoë is om wedersyds geskikte betekenisreëls en positiewe uitkomstes te onderhandel.

In hierdie studie sal ek eerstens begrippe of fenomene soos kommunikasie, kultuur, identiteit en alteriteit, stereotipering ensovoorts definieer en verduidelik waar nodig, want ek is van mening dat hierdie begrippe baie nou met mekaar verband hou in die studie van interkulturele kommunikasie. Ek is ook van plan om hierdie begrippe sover moontlik toe te pas in my analise van geselekteerde kortverhale uit die gekose tekste, naamlik *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995), wat interkulturele kommunikasie en letterkundeonderrig betref. Daar sal byvoorbeeld gepoog word om te wys hoe stereotipering, indien so 'n verskynsel in die geselekteerde kortverhale in die gekose tekste voorkom, die proses van interkulturele kommunikasie en begrip kan bevorder of belemmer in letterkundeonderrig in die multikulturele tweedetaalklaskamer.

Daarna sal 'n teoretiese oorsig gedoen word van drie teorieë vanuit interkulturele kommunikasie as studieterrein. Die teorieë waarop daar gefokus sal word, is die angsonsekerheidsreduksieteorie, die netwerkteorie, en die sisteemteorie. 'n Poging sal aangewend word om hierdie teorieë te beskryf en te verduidelik in terme van die grondbeginsels of formulering daarvan, die onderliggende veronderstellings of beginsels daarvan en die implikasies vir letterkundeonderrig in die multikulturele tweedetaalklaskamer.

Die bogenoemde teorieë van interkulturele kommunikasie sal as verwysingsraamwerk gebruik word om 'n kritiese analise te doen van 'n aantal geselekteerde kortverhale uit *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995). Wat die kritiese ontleding van die kortverhale betref, sal daar gepoog word om te wys of die gekose tekste interkulturele kommunikasie en begrip in 'n multikulturele konteks kan fasiliteer of nie.

Aangesien kortverhale in *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) oor karakters van verskillende kulture binne die Suid-Afrikaanse werklikheid handel, is die tekste 'n moontlike keuse vir die onderrig van letterkunde onder jongmense op die drumpel van volwassenheid, dit wil sê matrikulante en eerstejaarstudente in tersiëre instellings. Uiteindelik is dit my doelwit om *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) te evalueer aan die hand van enkele kriteria vir die gebruik daarvan in 'n multikulturele konteks.

AFDELING 2

Interkulturele kommunikasie en verwante kernbegrippe

'n Begrip en kennis van interkulturele kommunikasie is noodsaaklik vir elke onderwyser, insluitend die taalonderwyser, in 'n multikulturele konteks, veral nou dat die UGO benadering in ons opvoedingsbeleid gebruik word. Oor hierdie benadering sal daar uitgebrei word aan die einde van hierdie afdeling.

In die loop van hierdie studie sal daar deurgaans verwys word na die volgende begrippe: "interkulturele kommunikasie", "kultuur", "kommunikasie", "etnosentrisme", "die self", "die ander", "kultuurskok" en "stereotipering". Vervolgens word daar daarom 'n kort samevatting van elke begrip gegee.

2.1. Interkulturele kommunikasie

Porter en Samovar (1994:19) sê interkulturele kommunikasie vind plaas wanneer 'n boodskap geproduseer word deur 'n lid van een kultuur vir verbruik deur 'n lid van 'n ander kultuur. 'n Soortgelyke opvatting van interkulturele kommunikasie word gehuldig deur Ruben (1988:144), Collier en Thomas (1988) in (Guirdham, 1999:193), Kim en Ruben (1988:305) asook Anderson (1994:229).

In 'n soortgelyke definisie beskryf Saral (1979:77-78) interkulturele kommunikasie as 'n

vorm van interaksie wat plaasvind wanneer die spreker en die luisteraar van verskillende kulture afkomstig is. Rasse- en etniese verskille is dikwels betrokke, maar interkulturele kommunikasie is ook moontlik wanneer daar groot kulturele verskille is sonder die dikwels gepaard gaande rasse- en etniese verskille. Kultuur is dus 'n sentrale konsep in die interkulturele diskoers.

2.2. Kultuur

Sarbaugh (1988:1) en Porter en Samovar (1994:19) verklaar dat die skakel tussen kultuur en kommunikasie van kardinale belang is om interkulturele kommunikasie te begryp.

In hulle boek *Intercultural Communication* definieer Scollon en Scollon (1995:126) kultuur vanuit 'n antropologiese perspektief as die gewoontes, wêreldbeeld, taal, verwantskapsisteem, sosiale organisasie en ander daaglikse praktyke van 'n groep mense wat hulle onderskei as 'n afsonderlike groep.

Porter en Samovar (1994:11) definieer kultuur as die neerslag van kennis, ervaringe, oortuigings, waardes, houdings, betekenis, hierargieë, godsdiens, tydsbegrip, rolle, ruimtelike verhouding, konsepte van die heelal en stoflike objekte en besittings verwerf deur 'n groep mense oor geslagte heen. Kim (1988a:46) Sarbaugh (1988:2), Gudykunst (1991:43), Ruben(1983:143), Sarbaugh (1988:26), Guirdham (1999:60), Coutts (1992:97), Kaschula en Anthonissen (1995:15) en Rensburg in Van Der Linde (1997:4) se definisie van kultuur vertoon ooreenkomste met dié van Porter en Samovar. Kommunikasie is uiteraard naas kultuur van sentrale belang in die studie van interkulturele kommunikasie en word vervolgens in oënskou geneem.

2.3. Kommunikasie

Carbaugh (1994:47) sê kommunikasie is die primêre sosiale proses waardeur sosiale lewe geskep, gehandhaaf en vervorm word en dit het te doen met strukture en

prosesse van betekenisgeving. Gudykunst (1991:9) stem saam dat kommunikasie na die uitruil van boodskappe en betekenisgeving verwys. Sarbaugh (1988:2) beweer dat kommunikasie 'n proses is wat gebaseer is op die spesifieke gebruik van betekenis wat by 'n ander persoon of persone tuisgebring word. Barnett en Kincaid (1983:173) glo kommunikasie is 'n proses waartydens twee of meer deelnemers informasie uitruil om 'n beter wedersydse begrip van mekaar en die wêreld waarin hulle leef, te bereik. Soos Barnett en Kincaid glo Van der Linde (1997:6) dat kommunikasie te make het met die uitruil van informasie, maar voeg by dat dit ook te doen het met praat en luister en die skepping van kanale waardeur individue hulle opinies en idees kan uitdruk.

Die voorafgaande bespreking oor kultuur en kommunikasie asook my persoonlike ervaring as 'n onderwyser in 'n multikulturele konteks laat my ook glo dat die skakel tussen hierdie twee verskynsels om interkulturele kommunikasie te begryp, van kritieke belang is. Myns insiens kan letterkundeonderrig in die multikulturele konteks, afhangend van die tipe voorgeskrewe literêre tekste, vaart gee aan die proses van interkulturele kommunikasie en begrip. Sodoende kan etnosentristiese houdings in die klaskamer verhoed word.

2.4. Multikulturalisme

Volens Gollnick en Chinn (1986: 19) is individue wat suksesvol in twee of meer verskillende kulture kan opereer, bikultureel of multikultureel. Bikulturalisme en multikulturalisme is toestande waarin 'n mens die kennis bemeester het en die noodsaaklike vaardighede ontwikkel het om gemaklik te voel en effektief te kommunikeer:

- 1) met die mense van die kultuur waarmee 'n mens kontak maak;
- 2) in enige situasie waarin groepe mense van verskillende kulturele agtergronde betrokke is.

2.5. Etnosentrisme

Volgens Gollnick en Chinn (1986:13), Gudykunst (1991:66), en Bredella (1988:2) en Porter en Samovar (1994:13) is etnosentrisme die neiging van 'n kultuurgroep om hulle eie kultuur as die beste te sien en hulle kulturele eienskappe as natuurlik, korrek en meerderwaardig te beskou.

Sitaram en Haapanen (1979:158) beweer dit is verkeerd om te impliseer dat ander minderwaardig is terwyl Triandis (1986:77) beklemtoon dat etnosentrisme net so skadelik soos ongeletterdheid is. My neiging is om hiermee saam te stem, want ek is van mening dat etnosentrisme in die multikulturele klaskamer net die proses van interkulturele kommunikasie en begrip sal belemmer. Dit is absoluut noodsaaklik dat verskillende kulture as gelykes beskou word en die konsep van kulturele relativisme word relevant wanneer enige kultuurgroep die onvermoë vertoon om 'n ander kultuurgroep as 'n gelyke te sien veral in 'n multikulturele opvoedkundige konteks.

2.6. Identiteit (Self) en Alteriteit (Ander)

Om die werking van 'n verskynsel soos etnosentrisme te verstaan, is dit nodig om oorweging te skenk aan die diskoers oor die self en die ander oftewel die diskoers oor identiteit en alteriteit.

Voestermans (1991:219) beweer dat alteriteit breedweg gedefinieer kan word as die andersheid van mense, veral van diegene buite 'n mens se huishoudelike verband. Identiteit is die bevestiging van wie ons is deur elke element van ons lewenstyl met dié van die ander te kontrasteer. Die self-ander dialektiek is die kern van die debat oor alteriteit en identiteit.

Aangesien die identiteit-alteriteit kwessie volgens Voestermans (1991:219) gewoonlik 'n opposisie tussen twee kulture is, is daar 'n sterk moontlikheid dat etnosentrisme en eksotisme¹ in die Suid-Afrikaanse multikulturele klaskamers kan voorkom, veral weens

historiese redes. Die moontlikheid hiervan word bevestig deur Kruger (1995:16) in haar opmerking dat dit moontlik is dat kultuurgroepe wat histories minder bevoorreg is deur die politieke prosesse in die land, 'n begeerte het na die kultuur van die Ander, sonder om die probleme en ideologiese konsekwensies daarvan in te sien. Aan die ander kant kan dit ook gebeur dat die dominante groep, hulleself en hul kultuur verhef as meerderwaardig bo dié van die Ander.

Soos Kruger (1995:16) glo ek dat leerders die geleentheid in die Suid-Afrikaanse tweedetaalklaskamer gebied moet word om te let op die persepsies wat hulle het van hul eie kulture. Met Kruger stem ek weereens saam dat die leerders se oordele van hul eie kultuur bepaal wat hulle van ander kulture dink. Hierdie geleentheid in die multikulturele klaskamer kan gebruik word om leerders aan te moedig om hulle eie kultuur asook dié van ander vanuit 'n kultureel relativistiese perspektief te sien waar kulturele relativisme, volgens Guirdham (1999: 199), dui op 'n beskouing van jou eie kultuur as een onder baie en dat ander kulture dieselfde geldigheid besit as jou eie kultuur.

2.7. Kultuurskok

In interkulturele kommunikasie is kultuurskok 'n algemene verskynsel. Oberg (1960) soos aangehaal deur (Argyle, 1982:62) het die term kultuurskok gebruik om te verwys na die intense angst wat opgeweek word deur onbekende sosiale vorme en sosiale tekens of simbole. Klope in Van der Linde (1997:2) definieer kultuurskok as die beweging van die bekende na die onbekende wat individue in nuwe omstandighede so intens beïnvloed dat hulle 'n algemene trauma mag ervaar.

Oberg (1960), Kim en Gudykunst (1988b: 45) asook Taft (1977) en Kim (1988a: 23) vermeld minstens ses aspekte van kultuurskok, naamlik stres as gevolg van die poging om die noodsaaklike psigologiese aanpassing te maak; 'n gevoel van verlies as gevolg van 'n onbekende omgewing; 'n verwerping van of deur lede van die nuwe kultuur; verwarring in rol, rolverwagtinge, waardes, gevoelens en selfidentiteit; verrassing,

angs, selfs afkeer en verontwaardiging weens 'n bewustheid van kulturele verskille en gevoelens van magteloosheid weens die onvermoë om bekwaam met die nuwe omgewing om te gaan. Smalley (aangehaal deur Furnham en Bochner 1982:168) het vier fases van kultuurskok voorgestel: eerstens is daar 'n fassinatie met die nuwe kultuur; daarna ontstaan vyandigheid teenoor en frustrasie met aspekte van die nuwe kultuur en 'n moontlike klem op die voortreflikheid van die oorspronklike kultuur. Vervolgens word vordering en verskuiwing op die weg na groter begrip vir die nuwe kultuur waarneembaar gepaard gaande met 'n uitdrukking van humor. Uiteindelik is daar tekens van verminderde spanning en bikulturalisme wanneer die nuweling 'n begrip van die nuwe kultuur ontwikkel.

Wat ons Suid-Afrikaanse samelewing betref, is dit 'n realiteit dat die meeste van ons land nog nie residensieel of kultureel geïntegreer is nie ten spyte van die feit dat ons 'n demokrasie is. Dit is begryplik, want ons demokrasie is nuut en ons is nog in 'n oorgangperiode, maar as 'n onderwyser is ek daarvan bewus dat leerders, veral swart leerders van die plattelandse gebiede, nou na die sogenaamde bevoorregte skole kom. Kultuurskok is, myns insiens, dus onvermydelik en ek stem saam met Van der Linde (1997:2) wat meen dat veranderende sosiale omstandighede nuwe maniere van interaksie en kommunikasie met mense van ander kulture vereis. Sigband en Bell (1994) in Van der Linde (1997:2) bekragtig hierdie gesigspunt deur op te merk dat daar tans 'n akute wêreldwye noodsaaklikheid is vir effektiewe interkulturele kommunikasie. Letterkundeonderig in 'n multikulturele konteks kan 'n manier wees, veral in Suid-Afrika, om die proses van effektiewe interkulturele kommunikasie te bevorder. Interkulturele kommunikasie in die onderrigssituasie kan egter net slaag indien stereotipes met omsigtigheid benader word.

2.8. Stereotipering

Stephan en Rosenfield (1982:92) definieer 'n stereotipe as 'n stel eienskappe wat gebruik word om die gedrag van die lede van 'n sosiaal gedefinieerde groep te verklaar en te voorspel. Volgens Guirdham (1999:161) is 'n stereotipe 'n stabiele stel oortuigings

of vooropgesette idees wat die lede van 'n groep oor die karaktertrekke van 'n ander groep deel. Lippmann (soos aangehaal deur Van Der Merwe 1994:1) vermeld die volgende eienskappe as tipies van die stereotipe: dit word gekenmerk deur vereenvoudiging; dit word gedeel deur baie, versprei deur die media en oorgedra van een geslag na die volgende en dit weerstaan verandering.

Ek is van mening dat die bovermelde definisies en verklarings van die stereotipe daarop dui dat stereotipering problematies kan wees in terme van die persepsies wat een groep oor 'n ander groep of kultuur vorm. Scollon en Scollon (1995:156) verskaf bevestiging hiervoor deur te beweer dat stereotipes ons begrip van menslike gedrag en van interkulturele diskoers beperk, want hulle reduceer ons blik op menslike aktiwiteite tot net een of twee opvallende aspekte en beskou hulle dan as die geheelbeeld. Guirdham (1999:163) sê stereotipes verwing intergroepkommunikasie, want hulle veroorsaak dat mense hulle boodskappe, hulle versending en ontvangs daarvan, op valse veronderstellings baseer. Vinacke aangehaal deur Kruger (1995:17), dui aan dat stereotipes beskou moet word as konsepsionele sisteme met positiewe sowel as negatiewe funksies wat net dieselfde algemene soort eienskappe as ander konsepte het naamlik om ervaring te organiseer.

Volgens Guirdham (1999:163-164) en Hewstone en Giles aangehaal deur Gudykunst (1991:23-24) en Miller (1982:115) kan die proses van stereotipering soos volg beskryf word: stereotipes beïnvloed die maniere waarop informasie ontwikkel word - gunstige informasie oor ingroepe en ongunstige informasie oor die buitengroepe word onthou; stereotipering veroorsaak dat individualiteit oor die hoof gesien word; stereotipes skep verwagtinge oor andere en lei daartoe dat laasgenoemde dikwels druk ervaar om daardie verwagtinge goed te keur; en ons stereotipes belemmer die vrymoedigheid van andere in hulle kommunikasie die patrone van kommunikasie van ander en veroorsaak kommunikasie wat stereotipes goedkeur.

Scollon en Scollon (1995:158) merk op dat enige vorm van stereotipering 'n potensiële belemmering in suksesvolle interkulturele kommunikasie, want dit verblind ons vir die

ware verskille wat tussen deelnemers in 'n diskoers bestaan. Maar Allport aangehaal deur Hewstone en Giles (1986:12) erken dat stereotipes nie altyd negatief is nie.

Wat stereotipering in die literatuur betref, suggereer Coelho (1998:223) dat dit nie noodsaaklik is om alle literatuur wat negatiewe of stereotipiese voorstellings van verskillende kultuurgroepe bevat, uit te sluit nie. Leerders of studente moet kritiese lesers word. Hierdie literatuur, ondanks die beperkings, kan gebruik word om kwessies van rassisme en seksisme te konfronteer om leerders en studente te help om stereotipes in die literatuur te herken en uit te daag (1998:223). Van der Merwe (1994:120) sê verder dat die bevraagtekening van stereotipes deur literêre outeurs 'n begeerte verteenwoordig om valse hindernisse af te breek om die self en die ander te versoen en 'n wêreld van harmonie en begrip te skep. Die voorafgaande opmerkings oor stereotipering en die literatuur is betekenisvol, want volgens van der Merwe in Kruger (1995:18) is die uitbeelding van stereotipes in die Afrikaanse letterkunde in die Suid-Afrikaanse samelewing die gevolg van 'n houding van meerderwaardigheid teenoor die ander, meer spesifiek dié wat nie wit is nie. Daarbenewens is dit ook die effek wat die ideologie van apartheid op die self gehad het (1995:18).

Heller (1988:75-76), wat 'n vergelykende letterkundekursus opgestel en aangebied het op interkulturele voorstellings en stereotipes gekonsentreer het, sê stereotipes dien altyd as noodsaaklike beginpunte vir die ondersoek van 'n ingewikkelde netwerk van motiverings asook sosiale en kulturele patrone. As stereotipes onderskei en gedekonstrueer word, deur hulle terug te voer na die onderliggende strukturele faktore wat hulle veroorsaak, dan is hulle nie bloot stereotipes nie, want hulle lê verborge konneksies bloot en lei tot nuwe insigte. Die kommunikatiewe proses van literêre persepsie waarin nuwe insigte verrig kan word, kan in drie agtereenvolgende fases verdeel word, naamlik die subjektiewe en persoonlike ondersoeke van tekste wat interkulturele stereotipes uitbeeld of reflekteer; die naasmekaarstelling van tekste om 'n intersubjektiewe vlak van wedersydse refleksie te bereik en die ondersoek van die verhouding tussen gevestigde stereotipes en konkrete sosiale, historiese en kulturele kontekste. Hierdie driedelige proses mag geleidelik tot 'n dieper en meer

gebalanseerde bewustheid van interkulturele verskynsels lei en daardeur ook tot 'n groter verdraagsaamheid teenoor ander kulture (1988: 75 - 76). Die idee om interkulturele kommunikasie en begrip te bevorder deur middel van 'n vergelykende studie van literêre tekste blyk goed haalbaar te wees, maar of dit in 'n skoolsituasie in die Suid-Afrikaanse multikulturele konteks sou werk, is baie twyfelagtig. Dis my mening dat dit nie prakties haalbaar is nie veral om ekonomiese redes. Die taalbevoegdheid van veral taalonderwysers, tydsbeperinge binne die skoolrooster, die beskikbaarheid van vergelykende literêre tekste en die feit dat Suid-Afrika 'n oorfloed van verskillende tale het, is verdere kompliserende faktore. Van der Linde (1997:14) beveel aan dat 'n onderwyser een of meer bykomende tale in 'n multikulturele stelling moet leer om doeltreffende kommunikasie en effektiewe onderwys te verseker. As 'n onderwyser is ek daarvan bewus dat baie skole nie in staat is om voorgeskrewe boeke in die literatuurstudie vir elke leerder te verskaf nie. Die beskikbaarheid van tekste vir letterkundeonderrig is absoluut essensieel.

Hoe belangrik dit is vir 'n onderwyser in 'n multikulturele konteks om ingelig te wees oor die terrein van interkulturele kommunikasie word bevestig deur Albert en Triandis (1994: 430) wat beweer dat interkulturele opvoeding noodsaaklik vir onderwysers is. Hulle verklaar dat onderwysers vaardighede moet ontwikkel wat hulle in staat sal stel om etniese en individuele verskille in hulle leerders te verstaan en hulle effektief te bereik in die onderwyspraktik.

Ek is van mening dat elke onderwyser in die Suid-Afrikaanse multikulturele konteks interkultureel opgevoed moet word noudat die UGO-benadering in ons skole uitvoering begin kry. Daar word van elke onderwyser in die agt leerareas verwag om dieselfde faseorganiseerder² wat verder verdeel word in leerprogramme oftewel programorganiseerder/s³, te gebruik. Verder moet elke onderwyser dieselfde programorganiseerder in sy leerarea vir die vasgestelde periode gebruik. As die faseorganiseerder byvoorbeeld "Die Omgewing" is en die programorganiseerder "Water" is, behoort onderwysers in sekere leerareas kennis te hê van hoe leerders in die verskillende kultuurgroepe hul water kry - informasie wat noodsaaklik is vir

effektiewe onderrig. Ons is daarvan bewus dat sekere kultuurgroepe benadeel mag wees, veral om geskiedkundige redes. Ek meen verder dat dit elke onderwyser se plig is om interkulturele kommunikasie te bevorder om begrip onder die verskillende kultuurgroepe in ons nuwe demokrasie te help bewerkstellig. Dit spreek vanself dat die onderwyser interkultureel opgevoed moet word.

AFDELING 3

DIE TEORIEVORMING OOR INTERKULTURELE KOMMUNIKASIE

3.1. Inleidende opmerkings

Soos Gudykunst (1983:15) opmerk is die teorievorming oor interkulturele kommunikasie noodsaaklik as ons die proses van kommunikasie tussen mense van verskillende kulture wil verstaan en as ons leiding vir ons toekomstige navorsingswerk wil hê.

Die teorieë wat in hierdie afdeling bespreek sal word is die angsonsekerheidsreduksieteorie, die netwerkteorie, en die sisteemteorie. Hierdie teorieë sal nie in groot detail bespreek word nie, maar daar sal gepoog word om teoretiese inligting te verskaf wat relevant sal wees vir my ondersoek van interkulturele kommunikasie en letterkundeonderrig in hierdie studie, veral met die oog op die analise van geselekteerde kortverhale uit *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995).

Volgens Kim (1988a:16) is die drie bogenoemde teorieë op die volgende drie tradisies gebaseer, naamlik die positivistiese tradisie wat die nut van voorspelling beklemtoon; die humanistiese tradisie wat die nut van begrip beklemtoon en die sisteemtradisie wat die nut van begrip en voorspelling beklemtoon.

Wat die drie tradisies betref, sê Kim (1988a:16-18) dat die positivistiese benadering die gees van die natuurwetenskappe beliggaam en dit is sterk geïdentifiseer as die

vernaamste wetenskaplike benadering in kommunikasie oor die afgelope paar dekades. Gergen en Gergen aangehaal deur Kim (1988a:17) sê die humanistiese tradisie beklemtoon die vryheid van individue en 'n begrip van die verloop van die aksies wat individue neem. Die humanistiese tradisie konsentreer op die historiese betekenis van ervaring en die ontwikkelende en kumulatiewe effek daarvan op die individuele - en sosiale vlakke. 'n Sisteemgebaseerde perspektief beklemtoon dat kommunikasieverskynsels in 'n wisselwerking verkeer en dat die onderskeie elemente van 'n gegewe entiteit beskou moet word as medebepalend vir die uitkoms wat ondersoek word. Die sistemiese perspektief herken verder die struktuur van 'n sisteem en die maniere waarop informasie uitgeruil word binne daardie sisteem. Daar word ook beklemtoon dat 'n kommunikasiesisteem in sy totaliteit verstaan moet word (1988:16-18).

3.2. Die angs-onsekerheidsreduksieteorie

Volgens Gudykunst en Hammer (1988:106) is die angs-onsekerheidsreduksieteorie een van die belangrikste teorieë wat gebruik word om menslike kommunikasie te verduidelik. Berger, soos aangehaal deur Gudykunst en Hammer (1988:106), sê dat die vernaamste veronderstelling van die teorie is dat individue probeer om onsekerheid oor andere te verminder wanneer hulle belonings verskaf, hulle op 'n afwykende manier gedra of in die toekoms tegemoet gekom kan word.

3.2.1. Kernelemente van die teorie

Volgens Guirdham (1999: 207) is onder andere die konsepte van die vreemdeling, onsekerheid en angs kernelemente van die teorie. Vreemdelinge is mense wat verskillend is omdat hulle lede van ander groepe is. Wanneer vreemdelinge hulle op 'n afwykende manier gedra in terme van die ingroep se eie kulture, ervaar individue binne die ingroep onsekerheid, veral as die vreemdelinge in die toekoms teëgekome sal word of belonings kan bied en angs kan uitlok. Onsekerheid is die onvermoë om te voorspel wat 'n vreemdeling se houdings, gevoelens, oortuigings, waardes en gedrag sal wees

en dit is ook die onvermoë om te verduidelik hoekom hulle hulle so gedra. As die onsekerheid te hoog is, kan mense dit verlaag deur meer informasie te kry of deur die interaksie te beëindig. As onsekerheid te laag is, kan mense te verveeld wees om effektief op te tree. Angs verwys na 'n gevoel van spanning en kommer oor wat mag gebeur en dit is gewoonlik op negatiewe verwagtinge gebaseer soos wanneer 'n mens byvoorbeeld bang is dat jy negatief geëvalueer sal word. Wanneer angs te hoog is, kan mense ontmoetings vermy en hulle reken op informasie soos stereotipes om ander mense se gedrag te voorspel en dit kan misvertolk word. As angs te laag is, sal mense nie omgee wat in die interaksie gebeur nie of hulle sal nie aandag skenk nie (1999: 207). Ek meen dat die laasgenoemde kernelement van die teorie impliseer dat as 'n angssituasie nie uitdagend genoeg is nie, die deelnemer aan die kommunikasieproses onverskillig sal word in sy of haar interaksie met die ander gespreksgenoot. Al het die woord angs gewoonlik 'n negatiewe konnotasie, is dit in hierdie konteks bevorderlik vir interkulturele kommunikasie.

3.2.2. Veronderstellings van die teorie

Volgens Guirdham (1999:209-210) is die 6 veronderstellings en die 13 aksiomas agter Gudykunst se 1988 angsonsekerheidsreduksieteorie (Gudykunst, 1988:123-147) belangrik in terme van 'n verbetering in vaardighede in interkulturele kommunikasie.

Die veronderstellings word soos volg opgesom:

Minstens een deelnemer in 'n interpersoonlike ontmoeting is 'n vreemdeling met betrekking tot die groep wat benader word.

- Vreemdelinge se aanvanklike ontmoetings met 'n nuwe ingroep word ervaar as 'n reeks krisis, dit wil sê, hulle ervaar onsekerheid en ang, want hulle is onseker hoe om hulle te gedra en hulle voel onveilig.
- Onsekerheid en ang is afsonderlik dimensies van intergroepkommunikasie.
- 'n Vreemdeling se gedrag vind plaas op hoë vlakke van bewustheid.
- Beide intergroeps- en interpersoonlike faktore beïnvloed alle vorms van kommunikasie.
- Vreemdelinge oorskat soms die invloed van groepslidmaatskap wanneer die

gedrag van die lede van ander groepe verduidelik moet word.

Aangesien die fokus van hierdie studie soos alreeds vermeld, interkulturele kommunikasie en letterkundeonderrig is, sal aspekte van die teorieë in die loop van die bespreking geïllustreer word aan die hand van geselekteerde kortverhale uit *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995).

In Jeanette Ferreira se "Die Hen" in *Taxi* (1996) kan die verteller verteenwoordigend wees van 'n vreemdeling wat haar aanvanklike ontmoeting met die nuwe ingroep as 'n reeks krisisse ervaar. Sy is op pad dorp toe saam met haar dogter in haar motor, maar sy laai 'n ou swart man en sy siek vrou op en moet vir die eerste keer na 'n swart woongebied gaan. Wanneer die lede van die ingroep na haar motor kom by die herkenning van haar swart passasiers, ervaar sy groot angs en onsekerheid wat sy beskryf deur te sê: "'n Skril geluid gil hoog en aanhoudend deur my kop" (p.49).

G.A. Jooste se "Njoli Square in Afrika" in *Taxi* (1996) lewer myns insiens bewys dat onsekerheid en angs afsonderlike dimensies van intergroepkommunikasie is. 'n Groep blankes wat as vreemdelinge beskou kan word in terme van die teorie se vernaamste veronderstelling besoek in drie mikrobusse 'n stad se informele sakesektor om dit van naby te besigtig. Hierdie kultuurgroep ervaar groot onsekerheid en angs wanneer hulle deur 'n groep swartes, die ander, en 'n ry taxis omring word. Hulle onsekerheid word verminder na afloop van 'n gesprek tussen 'n lid van hul groep en die swart persoon wat 'n kennis van hom is. Die groep blankes, die self, ervaar egter nog steeds angs, want hulle wil nog so gou moontlik die plek verlaat.

Volgens Gudykunst (1988:127) vorm kultuur 'n implisiete teorie wat individue gebruik om hulle gedrag te lei en dié van andere te interpreteer. Die meeste aspekte van dié gedrag waarin individue betrokke is by hulle eie kultuur, is gewoon. In Jenny Hobbs se "Twee Vissermanne" in *Keerpunt* (1995) glimlag Helen, 'n blanke, vir 'n vreemde swarte op die strand. Sy bespeur sy geknik met "sy vol lippe ferm op mekaar gedruk" (p.11) as bedreigend en daarna sien sy hom, die ander, as 'n bedreiging, want sy dink

dat hy haar gedrag verkeerd vertolk het en dit as seksuele toenadering beskou. Ek meen dat die veronderstelling dat 'n vreemdeling se gedrag op hoë vlakke van bewustheid plaasvind, hier van toepassing is. Die gedrag van die swart man kan ook beskou word as 'n nieverbale kommunikasiepatroon van 'n buitegroep.

3.2.3. Axiomas van die teorie

Blalock soos aangehaal deur Gudykunst (1988:128) verklaar dat aksiomas voorstelle is wat veranderlikes inbind wat 'n direk oorsaaklike verband vertoon. Aksiomas is dus verklarings wat direk oorsaaklike skakels tussen veranderlikes impliseer. Gesamentlik vorm die aksiomas 'n oorsaaklikheidsprosesteorie wat probeer om twee uitkomstes van intergroepkommunikasie te verduidelik, naamlik, intergroepeaanpassing en effektiewe intergroepkommunikasie (1988:128).

Guirdham (1999:210) noem die 13 aksiomas, waarvan ek die belangrikste sal noem, as faktore wat 'n afname in vreemdelinge se onsekerheid oor die gedrag van die lede van die ander groep tot gevolg het en ook 'n afname in angs wat hulle sal ervaar in interaksie met lede van ander groepe. Die faktore sluit in :

- 'n toename in vreemdelinge se positiewe verwagtinge; (Volgens Gudykunst [1988:133] sal vreemdelinge se positiewe verwagtinge toeneem as hulle vertrouwe ontwikkel oor die gedrag van die lede van die ander groep.);
- 'n toename in ooreenkomste tussen vreemdelinge se ingroep en die ander groepe; (Volgens Gudykunst [1988:133] suggereer Simard se studie dat mense vrymoedig voel om die gedrag van individue wat kultureel soortgelyk is, te voorspel. Ek meen dat verskillende kultuurgroepe nie kultureel moet verander om kultureel soortgelyk te wees nie. Kulturele verskille moet ook in hulle andersoortigheid gerespekteer word);
- 'n toename in die netwerke wat vreemdelinge met die lede van die ander groep deel; (Die netwerk waarna daar in angs-onsekerheidsreduksieteorie verwys word, is nie duidelik nie. Myns insiens kan kulturele ooreenkomste tot hierdie

netwerke lei.)

- `n toename in die interpersoonlike sensitiviteit van verhoudinge wat met die ander groep gevorm word;
- `n toename in vreemdelinge se tweedetaalbevoegdheid;
- `n toename in vreemdelinge se vermoë om hulleself te monitor: (Gudykunst [1988:136] sê dat die vreemdelinge se vermoë om hulleself te monitor hulle kan help, byvoorbeeld om hulle passend in nuwe situasies te gedra en hulle emosionele reaksies te beheer.)
- `n toename in vreemdelinge se vertrouwe lei tot `n toename in intergroepaanpassing en -doeltreffendheid;
- `n afname in angs lei tot `n versnelling van intergroepaanpassing en doeltreffendheid;

In teenstelling met die eerste 8 aksiomas (wat `n toename in intergroepaanpassing suggereer as gevolg van `n afname in onsekerheid en angs) is die aksioma wat lui dat `n toename in onsekerheidsvermyding `n toename in angs en `n afname in intergroepaanpassing en doeltreffendheid sal produseer. Na my mening is hierdie aksioma logies korrek, want onsekerheidsvermyding impliseer `n onvermoë om kontak met `n ander kultuurgroep of buitegroep te maak en die gebrek aan kontak lei tot vervreemding van die ander groep. `n Toename in angs is die daaropvolgende resultaat.

In Barrie Hough se “Die Reis” in *Keerpunt* (1995) vorm Thembi, `n swart leerder verteenwoordigend van een kultuurgroep en Johan, `n blanke leerder verteenwoordigend van `n ander kultuurgroep, `n intieme vriendskap. Ek is daarvan oortuig dat die afname in onsekerheid en angs wat tot so `n verskynsel lei die gevolg van die volgende faktore is: `n toename in vreemdelinge se positiewe verwagtinge oor die ander, `n toename in ooreenkoms tussen vreemdelinge se ingroepe en die ander groepe, `n toename in die netwerke wat vreemdelinge met die lede van die ander groepe deel en `n toename in die interpersoonlike opvallendheid van verhoudinge wat met die lede van ander groepe gevorm word. Derglike vriendskappe tussen lede van

verskillende kultuurgroepe word bevorder deur 'n toename in vreemdelinge se tweedetaalbevoegdheid.

Op die skool waar ek onderwys gee, ontmoet leerders van verskillende kultuurgroepe van die Christelike geloof elke Vrydag. As een van die onderwysers wat hierdie vergaderings reël en lei, is ek daarvan bewus dat leerders wie se hooftaal Zoeloe is, die ander leerders in Engels aanspreek. Sulke interkulturele kontak tussen lede van verskillende kultuurgroepe is moontlik weens die afname in onsekerheid en angs as gevolg van 'n ontdekking in ooreenkomste tussen vreemdelinge se ingroepe en die ander groepe asook 'n toename in vreemdelinge se tweedetaalbevoegdheid.

In Hobbs se "Twee Vissermanne" sien Helen "net die nooit te vergeete uitdrukking op die visserman se gesig" (p. 16) nadat hy haar verlore horlosie aan haar teruggegee het. Dit is dieselfde swart visserman wat sy so gevrees het. Haar gedrag is 'n moontlike representasie van die vermoë van 'n lid van een kultuurgroep om haarself te monitor en sodoende onsekerheid en angs te verminder wat tot interkulturele kommunikasie en begrip kan lei.

Die karakter Darius in Marita van der Vyver se "St. Christopher op die Parade" mag verteenwoordigend wees van lede van een kultuurgroep wie se afname in angs tot 'n toename in intergroepaanpassing en doeltreffendheid lei. Darius se vriendskap met Percy, hulle huishulp se seun, lei tot besoeke aan die swart woongebiede asook kennis van hul lewensomstandighede en politieke bewustheid. Darius se gebruik van die naam Siphon in plaas van Percy kan tekenend wees van 'n toename in intergroepaanpassing.

Volgens Guirdham (1999:212) is baie navorsing en toetsing in die angs-onsekerheidsteorie gedoen. Ondersteuning vir die bestaan van onsekerheid-reduksie as deel van die dinamiek van interaksie met vreemdelinge is beskikbaar deur navorsing wat wys dat dit byvoorbeeld van toepassing is op sowel hoë-konteks-kommunikasie⁴ en lae-konteks-kommunikasie⁵. Cronen en Shuter (1983:94-95) sê dat daar probleme is in die toepassing van die onsekerheidsreduksieteorie, want die teorie is nie spesifiek

oor hoe onsekerheidsreducerende gedrag sistematies in verskillende kulture plaasvind nie.

3.3. Die netwerkteorie

Volgens Guirdham (1999:222) is die netwerkteorie betrokke by die manier waarop individue by netwerke van sosiale verhoudings ingesluit word. Hierdie netwerke van sosiale verwantskappe word geskep en gehandhaaf deur die uitwisseling van informasie. Hierdie teorie benader die netwerke as 'n eenheid van analise (1999:222).

3.3.1. Veronderstellings onderliggend aan die teorie

Yum (1988:240) beweer dat die mees algemeen aanvaarde premis van netwerkanalise is dat menslike gedrag verduidelik kan word deur 'n analise van die verhoudings wat tussen individue onderling bevestig word. Guirdham (1999:222) sê die fokus van die netwerkteorie is op posisies en sosiale verhoudings en op 'n reeks onderlinge verhoudings in hulle onderlinge verbondenheid. Individuele lede van 'n sosiale sisteem word gesien as mense wat hulle netwerke aktief kies, skep en manipuleer en op hulle beurt word hulle weer deur hierdie netwerke beïnvloed (1999:222).

In die netwerkteorie word volgens Guirdham (1999: 223-224) (sien ook Yum, 1988: 248-252) aangeneem dat die variasie tussen kulturele groepe groter is as die variasie binne hulle. Op die basis van hierdie veronderstelling word die volgende stellings binne die netwerkteorie geformuleer :

- Interkulturele netwerkpatrone is meer geneig om radiaal of enkellynig as interpenetrerend te wees in vergelyking met intrakulturele netwerke. ('n Radiale persoonlike netwerk is een waarin 'n individu interaksie het met 'n stel diadieke vennote wat nie op mekaar inwerk nie).
- Interkulturele netwerke is minder dig as intrakulturele netwerke.

- Interkulturele netwerke is geneig om minder veelvoudig as intrakulturele netwerke te wees. (Veelvoudige verhoudinge benodig meer tyd as enkelvoudige verhoudinge, ook binne `n enkele kultuur. Mense sal gewoonlik probeer om hulle behoefte aan verhoudings binne hulle eie kultuur te bevredig, want dit is makliker).
- Interkulturele netwerkbande is geneig om swak eerder as sterk te wees.
- Die rolle van liaison en brug sal prominenter en belangriker vir netwerkverbondenheid in interkulturele netwerke wees as in intrakulturele netwerke⁶. (`n Liaison is `n individu wat twee of meer groepe in `n sisteem verbind, sonder om lid van enige van die groepe te wees. `n Brug is `n individu wat twee of meer groepe in `n sisteem kan verbind vanuit sy of haar posisie as lid van een van die groepe). Aldrich soos aangehaal deur Guirdham (1999:223) suggereer dat interpersoonlike rolle (dit wil sê, die brug en die liaison) `n natuurlike gevolg is van die betrokkenes se pogings om transaksiekoste te verklein. Guirdham (1999:267) sê transaksiekoste mag ekonomies, emosioneel of sosiaal van aard wees. Om twee kultureel verskillende groepe te verbind sal meer kos as om soortgelyke kultuurgroepe te verbind. Dus sal verbindende rolle soos liaisons en brue `n belangriker funksie in interkulturele netwerkstrukture vervul as in intrakulturele netwerkstrukture (1999:223).
- Transitiwiteit sal `n kleiner rol speel in die oprigting van interkulturele netwerke as in intrakulturele netwerke. (Transitiwiteit opereer wanneer my vriend se vriende my vriende is en my vriend se vyande is my vyande : `n uitbreiding van lojaliteite wat normatiewe sanksies impliseer. In interkulturele situasies, deel mense minder kulturele waardes en verhoudings is eensydig en swak. Dus is sterk normatiewe sanksies en emosionele verpligtinge nie teenwoordig nie. Ook het hierdie verhoudings laer sigbaarheid).

Dis my mening dat die netwerkteorie op `n beperkte manier toegepas kan word om `n analise te doen van geselekteerde kortverhale uit *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995). In Riana Scheepers se "Die familiefees" in *Taxi* (1996) kan die blanke dosent, wat as eregas die feesviering van haar swart student bywoon, optree as `n brug wat twee

verskillende kultuurgroepe kan verbind vanuit haar posisie as lid van een kultuurgroep. In 'n multikulturele onderrigsituasie kan die onderwyser of die dosent 'n brug wees, veral die literatuuronderwyser wat voordeel kan trek uit geskikte literêre tekste wat die geleentheid bied om interkulturele kommunikasie en begrip te bewerkstellig. Leerders in 'n multikulturele onderrigsituasie kan ook as brûe dien. Byvoorbeeld, as 'n literêre teks verwysing maak na huweliksgewoontes of enige ander kulturele tradisies kan leerders van verskillende kultuurgroepe inligting oor die betrokke aspek verskaf en sodoende as brûe optree.

In Hobbs se "Twee Vissermanne" (*Keerpunt*, 1995) vind Helen, die blanke meisie, dit makliker en veiliger om 'n vriendskap te ontwikkel met Kenny, 'n blanke seun. So 'n verskynsel is ondersteunend van die stelling dat interkulturele netwerke geneig is om minder veelvoudig as intrakulturele netwerke te wees, aangesien mense gewoonlik probeer om hulle behoeftes aan verhoudings binne hulle eie kultuur te bevredig omdat dit makliker is. In Jooste se "Njoli Square in Afrika" (*Taxi*, 1996) word die blankes in mikrobusse omring deur swartes, want hulle het 'n gerug gehoor dat 'n groep blankes in mikrobusse swart skoolkinders sou ontvoer om in Satanistiese rituele te gebruik. Sulke gedrag toon aan dat intrakulturele netwerkbande sterk is wat die teenpool is van die stelling dat interkulturele netwerkbande eerder geneig is om swak as sterk te wees.

3.4. Die sisteemteorie

Volgens Kim en Ruben (1988:305) poog die sisteemteorie om die teoretiese verhouding tussen interkulturele ontmoetings, kultuurskokervaringe en geskikmakende transformasie te artikuleer. Hierdie teorie integreer die kultuurskokfenomeen en aangewende veranderinge in individue binne 'n enkele teoretiese raamwerk wat ontwerp is om 'n sistematiese verklaring te bied vir die proses van interkulturele transformasie. Binne hierdie raamwerk word kultuurskok beskou as nog positief nog negatief, maar wel as 'n integrale en noodwendige deel van die proses om interkulturele vaardigheid te verwerf (1988:305).

Kim en Ruben (1988:307) en Ruben (1983:133) sê dat die basiese grondsteen van die algemene sisteemteorie die sisteem is. Kim en Ruben (1988:307) sê hierdie term verwys na enige entiteit of geheel wat uit interafhanklike dele bestaan. Individue word beskou as die sisteme en die veronderstelling is dat hulle deur voortdurende interaksies met die omgewing en die inwoners daarvan funksioneer. Ruben (1983:135) beweer dat die omgewing in sisteemterminologie die naam is wat gegee word aan die tydelike en soms simboliese ruimte of stel toestande waarin 'n sisteem opereer.

Daar is twee tipes sisteme: die geslote sisteem en die oop sisteem. Sisteme word as geslote beskou wanneer hulle in isolasie van hul omgewing opereer. Oop sisteme word so genoem, want hulle handhaaf hulself in 'n staat van ewewig deur 'n aanhoudende wederkerige wisselwerking met hul omgewing (Ruben, 1988: 135-136).

Kim en Ruben (1988: 307) beweer dat die mens as 'n sisteem homeostaties is, van aard. Die mens probeer immers om 'n verskeidenheid veranderlikes in sy interne betekenisstrukture konstant te hou om 'n geordende geheel in stand te hou. Wanneer individue boodskappe ontvang wat hulle bestaande interne orde versteur, ervaar hulle ontwrigting. In so 'n toestand van ontwrigting, word die individu deur stres gekonfronteer en hy of sy sukkel om interne ewewig te herwin. Stres is dan 'n manifestasie van 'n generiese proses wat plaasvind wanneer die reikwydte van 'n oop sisteem nie voldoen aan die vereistes van die omgewing nie. Mense verminder stres deur self-bedrog, ontkenning, vermyding en onttrekking (1988: 307).

3.4.1. Die veronderstellings van die teorie

Volgens Kim en Ruben (1988: 308 - 309) kan die veronderstellings van die teorie opgesom word soos volg :

- 'n Persoon is 'n oop kommunikasiesisteem wat 'n interaksie met die omgewing handhaaf deur die verbruik en produksie van informasie.
- 'n Persoon het 'n inherente homeostatiese drang om sy of haar interne ewewig

te handhaaf.

- 'n Persoon se interne ewewig word versteur wanneer die persoon se eweredigheid of simmetrie met die omgewing gebreek word.
- Wanneer die interne ewewig versteur word, ervaar 'n persoon stres.
- Die meeste individue is in staat om stres te verminder en interne ewewig te herwin deur by 'n veranderde omgewing aan te pas.
- Stres en ontwikkeling is gepaard gaande aspekte van aanpassing en beide is noodsaaklik om die aard van 'n persoon se interne ontwikkeling te definieer.
- Die interne ontwikkeling van 'n persoon fasiliteer sy of haar daaropvolgende aanpassingsvermoë.

Volgens Kim en Ruben (1988:309) word 'n aantal aksiomas en voorstelle wat die proses van interkulturele transformasie verduidelik, verkry deur hierdie konsep van menslike sisteme (waarna daar in die bogenoemde veronderstellings verwys word) op situasies van interkulturele kommunikasie toe te pas.

3.4.2. Aksiomas van die teorie

Kim en Ruben (1988:315) vat die aksiomas van die teorie soos volg saam :

- Ervaringe in interkulturele kommunikasie is inherent vermoeiend in wisselende grade weens die deelnemers se kulturele verskille.
- Die inspanning of stres as gevolg van ervarings in interkulturele kommunikasie fasiliteer 'n deelnemer se aanpassing.
- 'n Resultaat van interkulturele stres-aanpassing is 'n interkulturele transformasie in interne toestande. (myns insiens verwys interne toestande na, byvoorbeeld die veranderde persepsies in 'n individu van 'n ander groep as gevolg van interkulturele transformasie.)
- Interkulturele transformasie word gereflekteer in 'n verhoogde kognitiewe en affektiewe vermoë asook in 'n persoon se gedrag.
- Die verhoogde kognitiewe-, affektiewe- en gedragsvermoë verminder die

hoeveelheid stres in die daaropvolgende ervaringe in interkulturele kontak.

3.4.3. Voorstelle van die teorie

Kim en Ruben (1988:315-316) som die voorstelle van die teorie soos volg op :

- Hoe groter die kulturele verskille tussen individue in 'n situasie van interkulturele kommunikasie, hoe meer stres sal hulle ervaar.
- Hoe meer stres individue in situasies van interkulturele kommunikasie ervaar, hoe meer interkulturele transformasie sal by hulle plaasvind.
- Soos individue toenemend interkultureel vaardig word⁷, word hulle kulturele identiteit toenemend buigsaam.
- Soos individue toenemend interkultureel vaardig word, neem hulle kognitiewe vermoë om kulturele verskille te verstaan, toe.
- Soos individue toenemend interkultureel vaardig word, neem hulle affektiewe vermoë toe om te bevestig en te deel in die ervaringe van individue wat kultureel verskil. Soos individue toenemend interkultureel vaardig word, neem hulle vermoë toe om kulturele verskille buigsaam baas te raak.
- Soos individue toenemend interkultureel vaardig word, neem die stresvlakke wat voortspruit uit ervaringe in interkulturele kommunikasie, af.

'n Analise van 'n paar geselekteerde kortverhale uit die gekose literêre tekste, *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) in terme van die beginsels van die sisteemteorie lewer 'n paar interessante bevindings op.

In Ferreira se "Die Hen" (*Taxi*, 1996) ervaar die blanke vrou 'n intense angs wanneer sy na 'n swart woongebied gaan en 'n groep swartes om haar motor saamdrom. Hierdie omgewing is nuut vir haar. So 'n ervaring kan as 'n kultuurskok beskou word al kan die vrou se ervaring toegeskryf word aan onkunde oor die kultuur van die ander. Soos die sisteemteorie postuleer, is haar interne ewewig versteur en het dit tot stres gelei.

In Hough se “Die Reis” (*Keerpunt*, 1995) word die leser vertel dat Thembi Johan “eers gewantrou” (p.66) het. Ek meen dat dit `n implisiete aanduiding is dat haar interne ewewig versteur is en dat sy aan stres gelyk het weens haar blootstelling aan `n nuwe omgewing en `n interkulturele ervaring, dit wil sê, in die skool waar amper almal blankes is. Haar vermoë om later `n vriendskap met Johan te vorm, dui daarop dat sy haar stresvlakke verminder het en `n interne ewewig herwin het deur by die veranderde omgewing aan te pas. Daar word dus ook geïmpliseer dat haar interne ontwikkeling haar daaropvolgende aanpassingsvermoë gefasiliteer het. Die bovermelde opmerkings geld ook vir die aksioma van die sisteemteorie dat ervaringe in interkulturele kommunikasie vermoeiend is, maar die stres daarvan dra uiteindelik by tot die betrokke se aanpassing.

In Estelle Marais se “Jonga” in *Taxi* (1996) is die boer, Vermeulen, se veranderde houding nadat hy na die swart seun se tekening gekyk het - tekening wat die boer se wrede behandeling van die seun se pa uitbeeld - aanduidend van `n interkulturele transformasie wat gereflekteer word in `n verhoogde kognitiewe-, affektiewe- en gedragsvermoë. Dit word op `n konkrete manier bevestig, want die boer stoot “sy hoed effens agtertoe met sy voorvinger in `n gebaar van verskoning, erkenning en respek” (p.81).

In “Twee Vissermanne” (*Keerpunt*, 1996) kan Helen se vermyding van die swart visserman en die stres wat sy ervaar in die vorm van vrees toegeskryf word aan kulturele verskille tussen hulle. Die leser kan aflei dat die visserman vinniger loop wanneer hy haar sien, want hy wou haar horlosie teruggee, maar sy begryp dit nie omdat sy hom as `n bedreiging sien. Daar kan uit Thembi en Johan se verhouding in “Die Reis” (*Keerpunt*, 1995) asook uit Matile en die blanke meisie se vriendskap in Smith se “Ladies and Gentlemen” in *Taxi* (1996) afgelei word dat hulle kulturele identiteit toenemend buigsaam geword het terwyl hulle toenemend interkultureel vaardig geword het. Hierbenewens het hulle kognitiewe vermoë om kulturele verskille te verstaan toegeneem.

Daar sal verder na die beginsels van die sisteemteorie verwys word in my analise van geselekteerde kortverhale uit *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) in die volgende afdeling.

AFDELING 4

’n ANALISE VAN GESELEKTEERDE KORTVERHALE UIT TAXI (1996) EN KEERPUNT (1995)

4.1. Inleidende opmerkings

Volgens die voorwoord het die twee kortverhaalbundels *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) jong mense op die drumpel van volwassenheid as teikenmark. Die samestellers van *Keerpunt* merk op dat die bundel kortverhale deur die lesers van die verskillende agtergronde gebruik kan word om na mekaar se leefwêreld te kyk. ’n Motivering van hierdie mikpunt is die feit dat Suid-Afrika ’n land is waarin mense van verskillende agtergronde of etniese groepe mekaar moet leer ken om van die politieke oorgang na demokrasie ’n sukses te maak. Hulle merk op dat skryf en lees in ons land ’n rol moet speel “in die helingsproses wat nodig is om die wonderwerk van ons oorgang in ’n permanente werklikheid te skep”. Die samesteller van *Taxi* (1996) dui duidelik aan dat die bundel kortverhale gemik word op lesers vir wie Afrikaans ’n “vreemder” taal is. Hy wil hê dat die lesers “iets van hulle eie Afrika” in die verhale moet herken, “in die hoop dat Afrikaans sodoende minder vreemd word”.

Soos vroeër in hierdie studie vermeld, sal die geselekteerde kortverhale uit *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) ontleed word aan die hand van die begrippe en teorieë wat relevant in die studieterrein van interkulturele kommunikasie is (sien Afdeling 2). Die kriteria vir die keuse van tekste vir bespreking kan soos volg saamgevat word: verhale waarin daar ’n ontmoeting tussen mense van uiteenlopende kulture plaasvind is as geskikte tekste oorweeg. Voorkeur is gegee aan verhale waarin die interkulturele kontak op ’n suksesvolle en vreedsame manier voltrek word. Hierdie verhale bied

immers navolgingswaardige voorbeelde van hoe suksesvolle interkulturele kommunikasie kan geskied. Aangesien interkulturele konflik egter 'n daaglikse werklikheid in die Suid-Afrikaanse samelewing is, is verhale waarin konfliktsituasies beskryf word, ook oorweeg. Leerders moet immers voorberei word op die hantering van soortgelyke konflikte in hulle eie omgewing. In hierdie verhale is die bemiddelende rol van die opvoeder uiteraard van kardinale belang.

Soos in 5.4. aangedui sal word, is die interkulturele inhoud van 'n teks nie noodwendig die enigste voorwaarde vir die suksesvolle onderrig van interkulturele kommunikasie binne die konteks van die literatuurstudie op skool nie. 'n Teks wat toegespits is op die leefwêreld van 'n enkele kultuurgroep kan (met gebruik van die opvoeder as 'n brug) op 'n geslaagde manier betrek word in 'n interkulturele klaskamergesprek. Die kulturele gebruike van 'n bepaalde bevolkingsgroep kan, met die sensitiewe en goed ingeligte opvoeder as tussenganger, aan leerders van ander bevolkingsgroepe verduidelik word. Groter begrip vir die ander kan op hierdie manier bereik word met die literêre teks as vertrekpunt. Verhale waarin kultuurspesifieke verskynsels op een of ander manier gekoppel kan word aan universele verskynsels kan met groter vrug bespreek word omdat leerders vanuit hulle kulture aansluiting sal kan vind by die verhale.

4.2. 'n Analise van geselekteerde kortverhale uit *Taxi* (1996)

Riana Scheepers se "Die familiefees" handel oor 'n wit dosent wat as eregas die feesviering van haar swart student se gradeplegtigheid bywoon. Haar reis kan beskou word as 'n ervaring deur die self van die wêreld van die ander waar sy blootgestel word aan sekere kulturele tradisies en gewoontes asook die lewensomstandighede van die ander, waaronder die slag van 'n bees, 'n skaap en hoenders vir 'n fees. Volgens Reddy (1996:118) ervaar die verteller haarself as "vreemdeling" in "hierdie land". Ek meen dat die onkunde van die self oor die kultuur van die ander in die verhaal duidelik na vore kom. Die leser leer uit die gedagtes van die verteller dat Patiwe nie gedink het dat sy die feesviering sou bywoon nie - 'n moontlike negatiewe stereotipering van die blankes, dit wil sê, hulle stel nie belang in die wêreld van die Afrika ander nie.

Die verteller se deelname aan die kerkdien by die feesviering asook haar opmerking dat haar ouers haar eie gradeplegtigheid wou bygewoon het, dui aan dat daar ooreenkomste tussen die twee kultuurgroepe is wat ondersteunend is van een van die aksioma in die angs-onsekerheidsreduksieteorie dat sulke ooreenkomste angs en onsekerheid verminder en sodoende interkulturele kommunikasie vergemaklik. Die verteller maak haarself 'n deel van 'n nuwe kultuur, want sy "het saam met hulle gelag en geëet en gedrink op Patiwe Sibongile se swart jas" (p.28). Die laasgenoemde teorie is weereens relevant omdat die daarstelling van kontak met ander kultuurgroepe 'n interaktiewe strategie kan wees. Volgens Berger, aangehaal deur Gudykunst en Hammer, (1988:18), maak individue gebruik van passiewe, aktiewe en interaktiewe strategieë om onsekerheid te verminder. Hierdeur word nie net informasie oor 'n ander kultuur verkry nie, maar interkulturele begrip kan bevorder word. Die netwerkteorie asook die sisteemteorie is relevant vir "Die familiefees". Die verteller kan as 'n brug funksioneer waar sy een of twee groepe kan verbind waar sy lid is van een groep. Haar optredes van eet, lag en drink dui aan dat sy toenemend interkultureel vaardig word, want sy neem deel aan die aktiwiteite van individue wat kultureel verskillend is. Haar optredes dui ook aan dat sy nie die ander as minderwaardig sien nie en dat haar gedrag aansluiting vind by die kulturele relativisme - 'n begrip wat vroeër in hierdie studie bespreek is. Die verteller se groetvorm in 'n tweedetaal impliseer dat sy oor tweedetaalbevoegdheid beskik wat interkulturele begrip kan bevorder.

Jooste se "Njoli Square in Afrika" waarna daar vroeër in die studie verwys is, handel oor 'n groep blankes wat in mikrobusse 'n informele sakesektor gaan besoek. Daar word hulle egter deur 'n groep swartes omring na aanleiding van 'n gerug dat 'n groep blankes in mikrobusse swart skoolkinders wil ontvoer om in Satanistiese rituele te gebruik. Die neiging van die swartes om so 'n gerug te glo en daarop te reageer, beklemtoon, myns insiens, die vervreemding van die Afrika self van die blanke ander. 'n Blanke karakter se opmerking dat daar moeilikheid kan wees wanneer hy die groep swartes sien, is tekenend van 'n negatiewe stereotipering van 'n ander kultuurgroep. Daar word deur hom suggereer dat die swart kultuurgroep gewelddadig van aard is.

Volgens van der Merwe (1994:35) is swartes in die ouer literatuur gestereotipeer as bloeddorstig en barbaars. Die blanke karakter in Jooste se verhaal bevestig hierdie soort stereotipering wanneer hy verklaar dat die lewe in die township gevaarlik is. Daar is reeds in hierdie studie verwys na die moontlikheid van negatiewe stereotipering in literêre tekste en hoe dit in literatuuronderrig gehanteer kan word.

Die angsk en onsekerheid in hierdie situasie van interkulturele konfrontasie maak die angsk-onsekerheidsreduksieteorie relevant aangesien angsk en onsekerheid die proses van interkulturele kommunikasie en begrip belemmer. Die onverwagte aankoms van Jack, 'n kennis van Storm, die blanke en die daaropvolgende gesprek tussen hulle twee wat die angsk en onsekerheid laat daal is aanduidend van die belangrikheid van tweedetaalbevoegdheid in 'n situasie wat interkulturele begrip benodig. Jack en Storm, lede van verskillende kultuurgroepe, dien as brûe. Die ontmoeting tussen Storm en Jack suggereer dat die blanke vir die swarte verduidelik het waarom die groep blankes na daardie plek gekom het. Jack het op sy beurt die lede van sy kultuurgroep ingelig en sodoende die moontlikheid van intergroepkonflik vermy. Soos Storm en Jack kan talle Suid-Afrikaners die brugfunksie dien in verskillende kontekste. Die angsk en die onsekerheid wat die groep blankes ervaar het dui aan dat hulle interne ewewig versteur is en dus kan die sisteemteorie hier van toepassing wees. Die groep blankes se besluit om weg te ry sonder om die doel van hul besoek te bereik is verteenwoordigend van 'n soort houding wat die proses van interkulturele kommunikasie in die land sou vertraag.

Ferreira se "Die Hen" handel oor 'n blanke vrou, die verteller, wat 'n swart man en sy siek vrou in haar motor oplaai en saam met haar kind na hulle huis toe neem. Dit kan ook beskou word as 'n reis van die self na die wêreld van die ander. Die angsk wat die verteller ervaar wanneer sy die swartes om haar motor sien saamdrom reflekteer, na my mening, die persepsies wat haar kultuurgroep van die swart kultuur het. Sulke persepsies kan gegrond wees op die stereotipering van verskillende kultuurgroepe.

Die verteller se gevoel van angsk en onsekerheid dui aan dat sy haar interkulturele ontmoeting as 'n krisis ervaar. Die verteller se onvermoë om die aksies van die

swartman met die mes en die hoender in sy hand te verstaan, vestig die aandag op die aksioma dat ervaringe in interkulturele kommunikasie inherent vermoeiend is weens die betrokkenes se kulturele verskille. Die verteller se opmerking dat sy net 'n paar Zoeloe woorde geleer het en haar daaropvolgende onvermoë om met die swart man en sy vrou te kommunikeer beklemtoon die belangrikheid van tweedetaalbevoegdheid. Die Zoeloeassistent van die dokter kom vroeër in die verhaal tot haar redding met haar tweedetaalbevoegdheid.

Die verteller se reis na die swart woongebied lê aan haar die lewensomstandighede van 'n ander kultuurgroep bloot. Sy verwys hierna deur op te merk "daar is nie meer 'n pad nie" (p.48). Kennis oor die lewensomstandighede van ander kultuurgroepe veral in hierdie land is belangrik vir interkulturele kommunikasie en begrip. Die verteller se onvermoë om die swart man se dankbetuiging, dit wil se, die hoender te aanvaar verteenwoordig 'n verlore kans om interkulturele kommunikasie en begrip te bevorder. Sy kon ook die brugfunksie vervul het.

In Estelle Marais se "Jonga" versoek 'n blanke seun, Kobus sy swart kennis Jonga om die redes vir sy ballingskap te verduidelik. Die seun word ingelig oor die lewe wat Jonga en sy pa op die plase gelei het - 'n bestaan waarin sy pa as 'n smous en evangelis gedien het terwyl hy 'n besondere talent gehad het om te teken. Die lesers word vertel dat Jonga die land moes verlaat, want sy tekeninge is beskou as politiek omverwerpend, maar die geboorte van demokrasie in die land verseker sy terugvoering.

Die gesprek tussen Kobus en Jonga is 'n aanduiding van 'n hegte verhouding en dit impliseer om die beurt dat albei moontlik bevoeg is in 'n tweede taal. Daar kan ook afgelei word dat albei kennis van mekaar se kulture deel. Dus kan hulle as lede van verskillende kultuurgroepe die brugfunksie vervul.

Die boer se slegte behandeling van Jonga se pa kan verteenwoordigend wees van die manier waarop 'n bevoorregte kultuurgroep 'n minderwaardige kultuurgroep in die

verlede behandel het. Maar berigte van sulke gebeurtenisse word nog af en toe in hierdie land ontvang. Die proses van interkulturele kommunikasie kan net vertraag word. Die boer se waardering van Jonga se kunsvermoë en tekeninge (waarna daar vroeër in hierdie studie verwys is) voor sy ballingskap is tekenend van verbeterde interkulturele kommunikasie en begrip op 'n mikrovlak. Dis ironies, want die toepassing van die boer se houding op 'n makrovlak kon interkulturele kommunikasie verbeter het en moontlik 'n politieke oplossing vroeër veroorsaak het.

Matilda Smith se "Ladies en Gentlemen" handel oor 'n blanke meisie, die verteller en 'n swart meisie, Matile wat saam op 'n plaas groot word terwyl Matile se ma as huishulp vir die blanke gesin werk. Die bevoorregte lewe van een kultuurgroep veroorsaak dat die verteller na 'n skool in die stad kon gaan terwyl die minderbevoorregte die dorpskool moes bywoon wat net tot st.6 gegaan het. Daar word geleer dat Matile uiteindelik die land moes verlaat weens haar politieke aktiwiteite. Sy keer terug wanneer die land 'n demokrasie word.

'n Analise van "Ladies and Gentlemen" lewer 'n paar interessante bevindings op. Die kindervriendskap tussen die plaaseienaar se dogter en dié van 'n plaaswerker wys dat die daarstelling van kontak met ander kultuurgroepe 'n interaktiewe strategie kan wees. Hierdeur word inligting oor 'n ander kultuur gekry en interkulturele begrip word bevorder. Deur die verteller die verhaal van haar oupagrootjie te vertel, lig Matile haar byvoorbeeld in oor die tradisies en oortuigings van haar mense. Die verteller se verwysing na "appels en pere" (p.85) wanneer sy met Matile gesels, kan aanwysend wees van 'n tradisionele rympte vanuit haar kultuur. Die toepaslikheid van die angsonsekerheidsreduksieteorie hier suggereer weer dat die interaktiewe strategie 'n moontlike oplossing is vir beter interkulturele begrip. Die feit dat die verteller oor haar gevoelens vir 'n buurseun met Matile kon praat wys hoe intiem hierdie verhouding geword het en hoe die interpersoonlike aard van hierdie vriendskap toegeneem het.

Hulle vriendskap impliseer ook tweedetaalbevoegdheid wat noodsaaklik is vir interkulturele begrip. Matile se vermoë om drie tale te praat, naamlik Zoeloe, Engels en

Afrikaans dui daarop aan dat sy meer toegerus is vir die proses van interkulturele kommunikasie. In teenstelling kan die verteller twee tale praat.

Dat die self die ander as minderwaardig gesien het, is duidelik, want die verteller se ouma hou nie daarvan dat sy en Matile saam aan die tafel moet sit en eet nie. Dit blyk dat Matile ook haarself as minderwaardig beskou, want sy sê vir die verteller dat sy nie 'n dame is nie, maar sy het die verteller wel as 'n dame beskou.

Dat Matile weet van die geheim van waar die sampioene groei terwyl die verteller nog probeer om daarvan te wete te kom, dui miskien aan dat Matile vinniger groot word. Die verteller se onkunde van hierdie geheim kan tekenend wees van haar onderontwikkeling.

Matile se vraag in haar kinderdae oor wat "ladies en gentlemen" beteken asook haar waarneming dat sy nie 'n dame soos blanke vroue was nie vat 'n ironiese wending in die kortverhaal. Die politieke verandering in die land veroorsaak dat sy 'n eregas van President Nelson Mandela is en word aangespreek met : Ladies and gentlemen. Boonop is sy 'n dame in tradisionele Afrika-kleredrag.

Ek is van mening dat die analise van die paar geselekteerde kortverhale uit *Taxi* (1996) aandui dat 'n analise met behulp van sekere begrippe en teorieë vanuit interkulturele kommunikasie as studieterrein betekenisvol en doeltreffend gedoen kan word.

4.3. 'n Analise van geselekteerde kortverhale uit *Keerpunt* (1995)

Hobbs se "Twee Vissermanne" waarna daar vroeër in hierdie studie verwys is, handel oor 'n jong meisie, Helen, wie se persepsies van die self en die ander verander na haar vakansie langs die suidkus van Natal waar haar pa 'n strandhuis besit.

Sy beskou die swart visserman se reaksie teenoor haar huiwerige glimlag as 'n bedreiging vir haarself en probeer om hom te vermy wanneer sy op die strand is. Die

persepsie van die ander as gevaarlik is 'n voorbeeld van negatiewe stereotipering. Nog 'n voorbeeld van stereotipering is die voorstelling van die Indiërvrou as passief, want sy word beskryf as iemand wat wag "sonder om eise te stel" (p.10). 'n Positiewe stereotipering is dié van 'n ouer swartman wat voorgestel word as iemand wat bedagsaam sou groet in kontras met die jong swart visserman op die strand. Helen se gewilligheid om haar vriendskap met 'n kennis vanuit haar kinderdae te hernuwe impliseer dat sy die self as meerderwaardig sien en sodoende die ander as minderwaardig. Hierdie houding is 'n illustrasie van die konsep van etnosentrisme. Helen sou hierna egter oor haar persepsies van die self en die ander nadink, want die swart visserman het haar verlore horlosie teruggegee terwyl die jong blanke man seksueel wou verlei.

Helen se poging om die swart visserman te vermy kan beskou word as onsekerheidsvermyding wat tot 'n toename in angs en 'n afname in intergroepaanpassing lei. Die slot van die kortverhaal impliseer dat Helen spyt is oor haar houding teenoor die swart visserman. Dit dui op 'n interne ontwikkeling wat haar daaropvolgende aanpassingsvermoë sal vergemaklik.

Marita van der Vyver se "St. Christopher op die Parade" handel myns insiens oor 'n jong blanke vrou se emosionele en geestelike ervaringe op die dag van oud - president Nelson Mandela se vrylating terwyl sy op straat is en verskillende tonele waarneem. In die kortverhaal tree sy op as verteller.

Die verteller hou nie van skares nie, maar haar besef dat sy 'n bevoorregte lewe geleihet, lewer blyke van 'n interne ontwikkeling wat die aanpassingsvermoë - wat noodsaaklik is vir interkulturele begrip, fasiliteer. Die paar woorde wat hulle huishulp Beauty vir haar geleer help enigins om te verstaan wat gesê word, maar later is sy dankbaar wanneer die Maleiërvrou Afrikaans met haar praat. Die belangrikheid van tweedetaalbevoegdheid vir interkulturele begrip word weer bevestig. Haar gewilligheid om die Maleiërvrou se kind op haar skouers te tel, is 'n uitdrukking van haar vermoë om die self en die ander as 'n gelyke te sien en meer interkultureel tegemoetkomend te

word. Haar begrip van die Suid-Afrikaanse situasie toon kognitiewe ontwikkeling en sy kan as 'n brug dien saam met haar broer Darius wat 'n bewustheid van die Suid-Afrikaanse realiteit ontwikkel deur sy vriendskap met Percy (wat hy nou Siphonoeem), Beauty se seun. Die voorafgaande bespreking oor Van der Vyver se kortverhaal dui aan dat al drie teorieë wat in hierdie studie bespreek word, hier van toepassing is.

Die verteller se opmerking dat hulle in haar skool "nou nog omtrent almal wit" (p.53) is, is van groot belang. Die verhaal antisipeer dat die Suid-Afrikaanse werklikheid in die toekoms beter intergrasie sal vertoon, ook binne die onderwys, en dat interkulturele kommunikasie 'n meer sentrale funksie sal geniet. Interkulturele kommunikasie en literatuuronderrig kan, myns insiens, een moontlike pad daarheen wees.

Vroeër in hierdie studie is Barrie Hough se "Die Reis" redelik omvattend bespreek. In 'n artikel in *Die Burger* (1995:7) sê De Vries dat die "oorkoming van haggel simbool word van die reis deur bevooroordeeldheid wat twee kinders, Thembi en Johan, moet aflê na mekaar toe".

Thembi en Johan se verhouding kan veroorsaak dat hulle meer interkultureel ervaar geword het en 'n buigsame kulturele identiteit ontwikkel het. As lede van verskillende kultuurgroepe kan hulle, soos die netwerkteorie voorstel, as brêre dien.

Engela van Rooyen se "Aan die punt van jou arm" handel oor 'n werklose swart karakter, David, van wie sy oupa verwag dat hy wraak neem binne 'n spesifieke kulturele konteks terwyl sy suster werk om hulle oorlewing te verseker. David help deur die huiswerk te doen.

Volgens Yoyo (<http://www.upe.ac.za/afned/angel.htm>) is hierdie kortverhaal in sekere opsigte 'n prysenswaardige teks omdat dit 'n poging is om die tradisionele Afrikaner leser (blanke?) te laat kennis neem van die bestaan en kulturele gebruike van die swart sektor van die Suid-Afrikaanse samelewing. Ek stem saam met Yoyo dat die teks kennis oordra van die tradisionele gewoontes van 'n ander kultuurgroep, naamlik die

swartes. Verwysing in die teks na gewoontes soos lobola (p.75) asook die begeerte om wraak binne 'n kulturele konteks te neem, is bewys hiervan.

Die stereotipering van die twee ou mense in die verhaal as leuenaars kan egter as negatief beskou word. Volgens Yoyo (<http://www.upe.ac.za/afned/angel.htm>) word ou mense in die Afrika kultuur op grond van hul lewenservarings as 'n bron van inligting beskou en word hulle dus gerespekteer. Hierdie teks wil egter die jong mense laat neersien op die oumense wat hier as draers van uitgediende kultuurgewoontes uitgebeeld word (<http://www.upe.ac.za/afned/angel.htm>). Die negatiewe stereotipering van bejaardes kan skadelik wees wat die oordrag van waardesisteme betref, afhangend van die status wat bejaardes in 'n kultuurgroep geniet.

Uiteindelik doen David afstand van die moontlikheid om wraak te neem. Sy houding suggereer dat hy deur die Westerse lewenstyl beïnvloed word. Dit is moontlik dat David se kulturele identiteit buigsaam word hoe meer interkultureel bewus hy word. Hy kan dus as brug tussen twee kulture dien. David se afstand van wraak neem kan as 'n positiewe ontwikkeling beskou word, want sulke houdings is aanduidend van interne ontwikkeling wat eerstens tot beter intrakulturele bande kon lei. Sulke interne ontwikkeling kan ook bydra tot beter interkulturele kommunikasie en begrip.

Die gevolgtrekking oor die geskiktheid van *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) as tekste wat interkulturele kommunikasie en begrip kan bevorder sal in die volgende afdeling afgehandel word. My eerste rede hiervoor is dat daar ondersoek moet word of daar wel kortverhale in beide gekose tekste is wat nie sig leen nie tot 'n analise binne die verwysingsraamwerk wat in hierdie studie gebruik word, maar nog bruikbaar in literatuuronderrig is. Die kriteria vir die evaluering van tekste as multikultureel moet ook bespreek word.

Dis my oortuiging dat multikulturele opvoeding, en die fenomeen van interkulturele kommunikasie en literatuuronderrig 'n geheel vorm waarvan die onderskeie dele ten nouste met mekaar verbonde is.

AFDELING 5

INTERKULTURELE · KOMMUNIKASIE, LITERATUURONDERRIG EN MULTIKULTURELE OPVOEDING

5.1. Multikulturele opvoeding : definisie, doel en kritiek

Albert en Triandis (1994:427) meen dat interkulturele opvoeding ideaal gesproke die ontwikkeling van vaardighede, perspektiewe en houdings by die leerders van verskillende etniese groepe moet kweek sodat hulle effektiewe lede van verskillende omgewings kan wees.

Parekh (1986:26-27) sê multikulturele opvoeding is `n opvoeding in vryheid - vryheid van oorgeërfde vooroordele en bekrompe gevoelens en menings asook die vryheid om ander kulture en perspektiewe te ondersoek en keuses te maak met die volle bewustheid van beskikbare en uitvoerbare alternatiewe. Dit sny `n kind nie af van sy of haar eie kultuur nie, maar stel hom of haar eerder in staat om daardie kultuur te verryk en te verfyn en `n breër uitsig daarop te verkry sonder om sy of haar oorsprong in daardie kultuur te verloor nie (1986:26-27). Gollnick en Chinn (1986:29-30) asook Banks soos aangehaal deur May (1994:36) meen dat multikulturele opvoeding `n opvoedkundige konsep is wat kulturele verskeidenheid en die voorsiening van gelyke opvoedkundige geleenthede in skole aanspreek.

Terwyl multikulturele opvoeding as `n wondermiddel vir opvoeding in `n multikulturele samelewing beskou word, word dit ook gekritiseer. Volgens May (1994:35) glo konserwatiewe opponente dat die multikulturele benadering tot opvoeding te polities is en dat dit aan die minderheidsgroep toegee terwyl dit nie beantwoord aan basiese voorwaardes van `n goeie opvoeding nie. Radikale kritici sien dit as `n poging om minderheidsgroepe te paai terwyl die breë sosiale kwessies soos rassisme wat hulle nog in die skole en die samelewing benadeel, onaangeraak gelaat word. Marlene van

Niekerk (1996:24) verwys na multikulturalisme as 'n inherent konserwatiewe relativistiese en positivistiese ideologie gegrond op verskuilde westerse meerderwaardigheid.

Volgens May (1994,42) glo Harker 'n ware multikulturele sisteem is 'n sisteem waarin verskillende waardesisteme en lewenstyle gelyke status en gesag toegestaan word met volle institusionele alternatiewe. Hiermee stem ek saam, maar myns insiens is dit idealisties: in die Suid-Afrikaanse situasie is dié ideaal onbereikbaar veral weens ekonomiese redes. Triandis in Modgil et al (1986:7) maak die aanbeveling van 'n additiewe multikulturalisme wat selfrespek aan almal verleen, tot waardering van kulturele verskille en sosiale vaardighede lei en wat interpersoonlike verhoudinge ontwikkel met belonings wat groter is as die verliese.

Wat literatuuronderrig in 'n multikulturele konteks betref, sê Coelho (1998:220) dat literatuuronderrig een van die kragtigste is om leerders se houdings te vorm en hulle deur plaasvervangende ervaring in te lig oor die wêreld waarin hulle leef. Du Plessis in Kruger (1995:70) sien letterkunde met 'n multikulturele inhoud ook as 'n waardevolle hulpmiddel waardeur insig en respek oor kultuurgrense gewek kan word. Ek stem saam met Kruger (1995:70) dat die lees van sulke literatuur daartoe lei dat sensitiwiteit en waardering oor kultuurgrense gestimuleer kan word, omdat die leser toetree tot die gevoelens en ervarings van karakters uit ander kultuurgroepe - iets wat hy nie altyd in die werklike lewe kan doen nie. Op hierdie manier word vooroordele bevraagteken en onverdraagsaamheid teengewerk deur brûe van begrip en respek vir eie en ander kulture se waardesisteme (Kruger, 1995:70).

Binnekort sal daar gefokus word op kriteria by die keuse van literêre tekste vir multikulturele opvoedkundige instellings wat as raamwerk gebruik kan word vir die beoordeling van die kortverhaalbundels *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995), veral in terme van die geselekteerde kortverhale wat uit die twee genoemde tekste ontleed is.

5.2. Kriteria vir die evaluering van *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995)

Du Plessis in Kruger (1995:71) stel voor dat die multikulturele literatuur (oftewel interkulturele literatuur) aan sekere relevante "eise" moet voldoen:

- Die literêre kwaliteit (tema, karakterisering en agtergrond) moet van hoë gehalte wees.
- Daar moet 'n akkurate en gebalanseerde representasie van 'n multikulturele wêreld wees.
- 'n Waardige, menswaardige beeld van ander kultuurgroepe is 'n vereiste - die karakters moet gebalanseerd wees en gelykwaardig wees. As die literatuur op skool die leerders met 'n wêrelduitsig konfronteer wat oorheersend van een kultuurgroep en een sosio-ekonomiese groep is, word die indruk geskep dat daardie groep belangrik is. Dis ook skadelik vir die dominante kultuurgroep (Coelho, 1998:197).
- Die teks moet 'n universele waarheid uitlig.
- Die taalgebruik moet nie kunsmatig of vol stereotipes wees nie.
- Ander groepe se kultuur moet nie net in terme van hul godsdiens, feesdae en tradisies uitgebeeld word nie.
- Daar moet eerder op ooreenkomste as verskille tussen kulture gefokus word.
- Die karakters moet in mekaar se skoene kan staan, om sodoende die leser se empatie te wek en verbeelding te ontwikkel.
- Die teks se effek op die leser moet lei tot 'n verbeterde selfbeeld en selfrespek.

Een van die vereistes wat Töttemeyer in Kruger (1995:72) vir anti-rassistiese jeuglektuur, soos gebaseer op die riglyne van die Wêreldraad van Kerke, is dat verhoudings op 'n gelyke basis moet berus en dat beide swart en wit karakters as genuanseerde karakters uitgebeeld moet word.

Die evaluering van *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) as multikulturele tekste in die lig van die geanaliseerde kortverhale, sal nie voetstoots in terme van elk van Du Plessis se bogenoemde kriteria gedoen word nie. Hierdie kriteria of "vereistes" is waardevol

maar nietemin besonder voorskriftelik. Die volledige kommunikatiewe situasie in die literatuuronderrig, spesifiek die rol van die opvoeder, word ook nie in ag geneem nie. Om hierdie tekortkoming in Du Plessis se kriteria te ondervang, sal daar in 5.4. 'n poging aangewend word om die bruikbaarheid van tekste te demonstreer wat nie op sigself binne die multikulturele literatuurkorpus val nie.

5.3. Evaluering van *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) as multikulturele tekste

Myns insiens is die algemene tema of boodskap in die meeste van die geselekteerde kortverhale dat die self en die ander mekaar se leefwêreld moet leer ken, aanvaar en respekteer. 'n Voorbeeld is die karakter Helen se besef in Hobbs se "Twee Vissermanne" (*Keerpunt* 1995) dat haar persepsie van die swart visserman verkeerd was. So 'n tema is een van groot waarde veral in die lig van die feit dat Suid-Afrika 'n nuwe demokrasie is wat 'n helingsproses ondergaan wat die self en die ander betref.

Die verteller (voorgestel as 'n wit vrou) se hulpvaardige optrede in Ferreira se "Die Hen" (*Taxi* 1996) en Jack, die swart man wat tot die redding van die blankes kom in Jooste se "Njoli Square in Afrika" (*Taxi* 1996) asook die boer wat besef dat hy die swart man sleg behandel het in Estelle Marais se "Jonga" (*Taxi* 1996) is aanduidings van waardige en menswaardige persepsies van verskillende kultuurgroepe. Johan en Themba se intieme verhouding in Hough se "Die Reis" (*Keerpunt* 1995) dui daarop aan dat hulle gelykwaardig is.

Die algemene tema in die meeste van die geselekteerde kortverhale uit albei bundels waarna daar alreeds verwys is, is sonder twyfel 'n universele waarheid. In Scheepers se "Die familiefees" neem die verteller, 'n blanke deel aan die feesviering van 'n swart student. Hierdeur wys die verteller dat die self en die ander mekaar moet respekteer en aanvaar. Hierdie tipe gedrag konstitueer 'n universele waarheid.

Die taalgebruik in die gekose tekste bestaan soms uit 'n vermenging van Afrikaans en Engels en verwysing word ook gemaak na 'n paar Zoeloe woorde soos lobola, imifino

en amakhowe in Matilda Smith se “Ladies and gentleman” (*Taxi* 1996). Dit is definitief nie kunsmatig nie, want dit sou kenmerkend wees van die taalregister van ’n nasie wat uit verskillende kultuurgroepe bestaan.

Myns insiens word ander groepe se kultuur nie primêr in terme van hul godsdiens, feesdae en tradisies uitgebeeld nie. Ek meen dat daar na tradisies verwys word om die moontlike rede dat die wêreld van die ander verstaan moet word. In Ferreira se “Die Hen” (*Taxi* 1996) verstaan die verteller nie dat die swart man haar wou bedank deur die lewendige hoenderhen te gee nie.

In Scheepers se “Die familiefees” (*Taxi* 1996) is die verteller se deelname aan die kerkdiens tydens die viering van Patiwe se akademiese sukses en haar erkenning dat ook haar ouers haar gradeplegtigheid wou bywoon ’n aanduiding van ooreenkomste tussen twee kulture.

Die verteller se vermoë om die swart man en sy siek vrou te help in Ferreira se “Die hen” (*Taxi* 1996) impliseer dat sy met die benadeeldes kan identifiseer, dit wil sê, in hulle skoene kan staan. Hierdeur kan die leser se empatie gewek word.

Die algemene tema van die meeste van die geselekteerde kortverhale uit beide tekste waarna daar alreeds gewys is, kan die leser tot ’n verbeterde selfbeeld en selfrespek lei. Johan en Thembi se verhouding in Hough se “Die Reis” (*Keerpunt* 1995) kan dieselfde effek op ’n leser hê, want die self en die ander word as gelykes uitgebeeld.

5.4. Die bruikbaarheid van geselekteerde kortverhale uit *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) sonder ’n multikulturele inhoud

Daar is wel kortverhale in die gekose tekste vir hierdie studie wat hulle nie leen nie tot ’n analise binne die raamwerk van interkulturele kommunikasie asook die genoemde kriteria vir ’n multikulturele teks nie. ’n Kortlikse bespreking van ’n paar voorbeelde van sulke kortverhale uit beide *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) volg.

In Chris Barnard se “Wie glo aan spoke?” (*Taxi* 1996) is die verteller en sy sewejarige seuntjie op pad huis toe in die nag. Dis net voor middernag en die motor raak stukkend op en die verteller se pogings om die motor aan die gang te kry is tevergeefs. Dus moet die vader en die seun in die donker na die naaste plaashuis loop om hulp te kry.

Dit blyk dat die verteller se seuntjie bang vir die donkerte en vir spoke is. Dit word aangedui deur die seuntjie se vrae oor slange en skelms in die nag en sy verwysing na spookstories waarvan hy gelees het. Die onheil van die nag word verskerp deur die geluide van `n dier of `n voel iewers in die donkerte. Die verteller bedaar die seuntjie se vrees vir spoke deur te se dat spookstories “lawwe stories” (p.109) is.

Dis duidelik dat die seuntjie nie die enigste een is wat bang vir spoke is nie. Die seuntjie se opmerking sy pa “loop te vinnig” (p.110) wat hy later `n draffie noem is aanduidend myns insiens van die verteller se vrees vir spoke. Dit blyk bevestig te word deur die verteller se opmerking dat die naam Spookkraal, die plaas waarnatoe hulle gaan, eienaardig is.

Hoewel hierdie kortverhaal nie eksplisiet oor die konsep van interkulturele kommunikasie is nie, kan dit definitief bruikbaar wees in die literatuuronderrigssituasie. Die verwysing na een kultuurgroep se geloof of bygeloof in spoke kan lei tot `n bespreking oor ander kultuurgroepe se geloof of bygeloof in so `n fenomeen. Sodoende kan interkulturele kommunikasie en begrip bevorder word.

In Ryk Hattingh se “My pa se geweer” (*Taxi* 1996) leer die leser van die verteller dat sy pa en ma se huwelik `n maand lank of so wankelbaar was. Daar word geleer dat die vader se alkoholmisbruik en buitehuwelikse verhouding met sy jong seketaresse tot `n huweliksprobleem lei. Die vader word ook beskuldig van mishandeling van sy vrou en sy kinders.

Daar word in hierdie verhaal gefokus op een besondere nag gedurende die krisisperiode in die huwelik wanneer die verteller se pa bedreig om selfmoord te pleeg

deur homself te skiet met sy geweer. Die vader word deur die ma uitgedaag om selfmoord voor die verteller te pleeg. Dit blyk dat die verteller se pa daarteen besluit het toe hy (die verteller) teen sy ma se maag begin snik het. Daar word ook vertel dat die verteller se broer, toe dinge nog goed by die huis gegaan het, per ongeluk 'n gat deur sy slaapkamermuur geskiet het met dieselfde geweer.

In literatuuronderrig kan leerders of studente geprikkel word, met verwysing na hierdie teks, om belangrike sosiale kwessies soos huweliksverhoudings, kindermishandeling, alkoholmisbruik en wapenversorg te bespreek. Vrae kan ook gestel word oor die houding van die verskillende kultuurgroepe teenoor hierdie kwessies. Dus is daar die moontlikheid om lewensvaardighede te leer wat betrekking het tot lewensorientering asook interkulturele kommunikasie.

In Lindsay King se “'n Gemorsstorie” (*Keerpunt* 1995) moet die verteller, 'n joernalis, 'n koerantartikel skryf oor vullis wat twee weke lank nie van 'n woonbuurt verwyder is nie. Dis natuurlik na 'n inwoner van die woonbuurt daarvoor gekla het. Die verteller en een van die koerant se fotograawe moet die adres opspoor om die storie te doen, maar hulle slaag nie daarin om die plek in Carnation-laan te vind nie.

In hierdie kortverhaal word daar gefokus op die misverstand of wankommunikasie wat plaasvind wanneer 'n middeljarige vrou die verteller en die fotograaf verwar met die televisieherstelwerkers vir wie sy vroeër daardie dag gebel het. Die verteller en die fotograaf kom eers tot die besef van die misverstand, maar die vrou kom hul later tot besef daarvan, maar al die betrokkenes vind die misverstand humoristies.

In hierdie kortverhaal meen ek dat daar 'n woordspelling op die titel daarvan is. Dit blyk so te wees, want 'n bestemde koerantartikel oor 'n onverwyderde hoop vullis word 'n gemorsstorie, want die joernalis en die fotograaf slaag nie daarin om hulle taak te voltooi nie om die redes wat vroeër in die bespreking vermeld word.

In 'n literatuuronderrigsituasie kan klem gelê word op die belangrikheid van

kommunikasie in enige sosiale konteks. Misverstande, hoewel soms humoristies, kan nog leerervaringe wees. Humor as noodsaaklik vir die sosiale lewe kan `n belangrike besprekingspunt wees. Die konsep van wankommunikasie in `n multikulturele stelling met betrekking tot interkulturele kommunikasie sou `n insigwekkende fenomeen wees. `n Begrip daarvan sou tot verbeterde interkulturele kommunikasie lei.

In Johnny Masilela se “Baba Mfundisi die prediker” (*Keerpunt* 1995) is Boekenhoutfontein `n stuk grond waarop duisend hawelose mense hul krothuisse oprig. `n Beskrywing van insidente op `n Sondag in hierdie plek tipeer die verstorende realiteit van die Suid-Afrikaanse sosiale landskap en lewensomstandighede wat lei tot ernstige sosiale probleme. Baba Mfundisi die prediker word uitgebeeld as iemand wat gesag in hierdie gemeenskap geniet, maar die leser leer op onstellende manier dat self die krag van `n magtige sosiale instelling soos godsdiens weggevreet word deur die sosiale euwel van misdaad.

Die naakte seun wat besig is om teen `n potplant te urineer is simbolies tekenend van die lewensomstandighede in krothuisdorpe. Die Mosambiekse vlugteling wat troos in goedkoop brandewyn soek is tekenend van die miljoene vlugtelinge in die Afrika vasteland wat na `n beter sosio-ekonomiese lewe soek net soos talle Suid-Afrikaners.

Die prediker se verskyning in sy bakkie laat die Mosambiekse vlugteling besluit om sy brandewynbottel weg te steek. `n Groep jeudiges hou op met dobbelary en `n man en sy vrou hou op met werk in hulle tuin en die prediker word uitgenooi vir tee. Die aksies van hierdie inwoners van Boekenhoutfontein staan in teenstelling met dié van die jong gewapende vreemdelinge wat die prediker van sy bakkie beroof voor hy klaar kan wees met die kerkdienste.

In `n multikulturele opvoedkundige konteks kan Suid-Afrikaanse kultuurgroepe kennis verkry van dié wat om geskiedkundige redes benadeel is. Dit sou lei nie tot `n dieper insig van Suid-Afrikaanse politieke historie nie maar verbeterde interkulturele kommunikasie en begrip. Stereotipering van kultuurgroepe sou bevraagteken word. `n

Fokus op die sosiale euwel van misdaad sou help in die ontwikkeling van lewensvaardighede.

Die bogenoemde verhale het nie 'n multikulturele inhoud nie, maar met die opvoeder as fasiliteerder kan hierdie tekste in die literêre kommunikasieproses binne die multikulturele klaskamer betrek word om aspekte van die ander kulture te verken. Interkulturele kommunikasie kom dus tot stand danksy die opvoeder wat die monokulturele teks binne 'n multikulturele konteks situeer.

5.5. Gevolgtrekking

In die lig van die analise van geselekteerde kortverhale uit *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) kan 'n paar baie merkwaardige bevindings gemaak word oor die geskiktheid van beide bundels as tekste wat interkulturele kommunikasie en begrip kan bevorder veral in literatuuronderrig in 'n multikulturele konteks.

Op grond van die mate waarin geselekteerde kortverhale uit *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) voldoen aan die kriteria vir 'n multikulturele teks, kan sekere kortverhale in beide tekste met vrymoedigheid vir literatuuronderrig in die multikulturele konteks aanbeveel word.

Maar daar is ook deur die analise van ander geselekteerde kortverhale uit *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) bewys dat nie alle kortverhale in die gekose tekste geskik is vir die toepassing van begrippe en teorieë uit die terrein van interkulturele kommunikasie. Hierdie kortverhale kan ook nie eksplisiet voldoen aan die kriteria vir 'n multikulturele teks nie. Nietemin is bewys in hierdie studie gelewer dat sulke kortverhale in beide tekste nog bruikbaar is vir literatuuronderrig waar interkulturele kommunikasie en begrip implisiet bevorder kan word. Sulke kortverhale kan ook gebruik word (soos in die analise daarvan gewys) om universele waarhede te leer en belangrike sosiale kwessies aan te spreek.

Bewys is gelewer in die analise van geselekteerde kortverhale uit die gekose tekste dat amper alle genoemde begrippe of konsepte in een of die ander geselekteerde kortverhale geïdentifiseer of toegepas kan word. Myns insiens kan die identifikasie en toepassing van hierdie konsepte in literatuur met 'n multikulturele inhoud in die literatuuronderrig aan multikulturele opvoedkundige instellings tot beter interkulturele kommunikasie en begrip lei. In die bevordering van interkulturele kommunikasie en begrip, is die rol van die onderwyser in literatuuronderrig in 'n multikulturele konteks van kardinale belang. Daar sal na hierdie rol in die volgende afdeling verwys word.

In literatuuronderrig in 'n multikulturele konteks kan daar byvoorbeeld na karakters in die geselekteerde kortverhale van die gekose tekste verwys word as brûe, 'n konsep uit die netwerkteorie. Ek is van mening dat as leerders in 'n multikulturele omgewing met die konsep van 'n brug kan identifiseer, dit tot beter interkulturele kommunikasie en begrip kan lei. Daar is alreeds in hierdie studie bewys dat die angsonsekerheidsreduksieteorie en die sisteemteorie op 'n soortgelyke manier toegepas kan word.

Aangesien sekere geselekteerde kortverhale uit *Taxi* (1996) en *Keerpunt* (1995) geskik is vir die toepassing van begrippe en teorieë uit die terrein van interkulturele kommunikasie, en grootliks aan die kriteria vir 'n multikulturele teks voldoen, glo ek dat die genoemde kortverhaalbundels as multikulturele tekste gebruik kan word veral om interkulturele kommunikasie en begrip in Suid-Afrika te bevorder.

AFDELING 6

Slotopmerkings

Soos vroeër in hierdie stuk vermeld, is die rol van elke onderwyser in multikulturele onderwys van kardinale belang. Volgens Parekh (1986:28) behoort die onderwyser versigtig te wees wanneer hy of sy onderrig gee oor ander samelewings, kulture of godsdienste. Die oortuigings en praktyke van die ander kulture moet met simpatie en sensitiwiteit hanteer word. Die leerders moet toegelaat word om tot hulle eie oordele te kom (1986:28). Albert en Triandis (1994:430) sê dat onderwysers vaardighede moet ontwikkel wat hulle in staat sal stel om aandag te skenk aan etniese groep- en individuele verskille in hulle leerders. Hierdeur kan leerders verstaan en begryp word. Gollnick en Chinn (1978:278) sê dat onderwysers oor ander kulture moet leer. Watson (1984) (Mogdil et al, 1986:10) sê onderwysopleidingsinstellings moet kursusse in multikulturele opvoeding verskaf. Hiermee stem ek saam. Indiensopleiding moet verskaf word aan onderwysers wat alreeds op opvoedkundige instellings is.

As 'n taalonderwyser is ek duidelik daarvan bewus dat die leerder in die tweedetaalklaskamer probleme ondervind om literêre tekste te verstaan. Dus stem ek saam met Kruger (1995:75) dat dit noodsaaklik is dat die letterkundige werk wat voorgeskryf word, se etniese inhoud by die behoeftes en vermoëns van die leser moet inpas. Die leerder se belangstellings en ervaring moet ook in ag geneem word by die keuse van tekste. Verder moet die teks voldoen aan die vereistes vir multikulturele onderwys (1995:75).

Ek is daarvan oortuig dat literatuuronderrig interkulturele kommunikasie en begrip kan bevorder, maar die proses is afhanklik van die effektiewe deelname van die relevante rolspelers asook die keuse van geskikte multikulturele tekste.

Endnote

1. Leerssen (1991:136) definieer eksotisme as 'n fassinasië met iets wat anders is en as 'n begeerte om die andersheid te ervaar. Myns insiens kan dit 'n fassinasië met 'n ander kultuur wees.
2. Die Departement van Onderwys (1997:18) definieer 'n organiseerder as 'n gereedskap waarby uitkomstes vir beplanning gegroepeer word. Volgens die Departement van Onderwys (1997:25-26) is daar vyf faseorganiseerders, naamlik, Kommunikasie, Kultuur en die Samelewing, Die Omgewing, Ekonomie en Ontwikkeling en Persoonlike Ontwikkeling en Bemagtiging. Hierdie faseorganiseerders stel die ontwikkelaars en die verbruikers van die leerprogramme binne die senior fase (graad 7 tot 9) in staat om leeraktiwiteite in die agt leerareas te ontwerp en te gebruik. Deur die faseorganiseerders bevat hierdie leeraktiwiteite integrerende beginsels (1997:25-26).
3. Volgens die Departement van Onderwys (1997:17) is die leerprogramme stelle leeraktiwiteite waarin die leerder betrokke sal wees om een of meer spesifieke uitkomstes te bereik.
4. Volgens Javidi en Javidi (1994:90) is hoë konteks kommunikasie iets waarin die meeste van die informasie in 'n fisiese konteks is of dis iets waardeur die informasie deur die persoon geïnternaliseer word. Baie min van die informasie is in die gekodeerde, aangestuurde en eksplisiete deel van die boodskap (1994:90).
5. Javidi en Javidi (1994:90) sê dat lae konteks kommunikasie net die teenoorgestelde is, dit wil sê, die massa informasie word in eksplisiete kodes oorgedra.
6. Volgens Yum (1988:248) deel lede van verskillende kultuurgroepe nie dieselfde stel reëls van kommunikasie, simbole en gedrag nie en ook nie die maniere waarop individue eksplisiet of implisiet verwante sake aanspreek nie. Dus is die implikasie dat lede van dieselfde kultuurgroep in staat is om kommunikasiereëls, simbole, asook die

ander genoemde kulturele aspekte te deel. Myns insiens word intrakulturele netwerke gevorm wanneer lede van `n kultuurgroep kulturele aspekte deel wat eie aan daardie kultuurgroep is. Dit spreek vanself dat sulke netwerke sterker as interkulturele netwerke sal wees.

7. Ek meen dat interkultureel word die vermoë is om `n ander kultuur te respekteer en te aanvaar en sensitief daarteenoor te wees wanneer `n mens daarmee in aanraking kom. In Ferreira se "Die familiefees" (*Taxi*, 1996) is die verteller se vermoë om deel te neem aan `n maaltyd wat voorberei word volgens `n ander kultuur, `n voorbeeld van "interkultureel word".

BIBLIOGRAFIE

Albert, R.D. & Triandis, H.C. 1994. Intercultural Education for Multicultural Societies: Critical Issues. In: Samovar, I.A. & Porter, R.E. 1994.

Andersen, P. 1994. Explaining Intercultural Differences in Nonverbal communication. In: Samovar, L.A. & Porter, R.E. 1994.

Argyle, M. 1982. Intercultural Communication. In: Bochner, S. (ed.). 1982.

Asante, M.K., Newmark, E. & Blake, C.A. (eds.). 1979. *Handbook of Intercultural Communication*. Beverly Hills: Sage Publications.

Barnett, G.A. & Kincaid, D.L. 1983. Cultural Convergence: A Mathematical Theory. In: Gudykunst, W.B. (ed.). 1983.

Bochner, S. (ed.). 1982. *Cultures in Contact: Studies in Cross-cultural Interaction*. Oxford: Pergamon Press.

Bredella, L & Haack, D. 1988. *Perceptions and Misperceptions: The United States and*

Germany. Tübingen: Gunter Narr Verlag.

Carbaugh, D. 1994. Toward a Perspective on Cultural Communication and Intercultural Contact. In: Samovar, L.A. & Porter, R.E. 1994.

Coelho, E. 1998. *Teaching and Learning in Multicultural Schools*. Clevedon: Multilingual Matters.

Collier, M.J. 1994. Cultural Identity and Intercultural Communication. In: Samovar, L.A. & Porter, R.E. 1994.

Corbey, R. & Leerssen, T. Th. (eds.). 1991. *Alterity, Identity, Image: Selves and Others in Society and Scholarships*. Amsterdam: Rodopi.

Coutts, A. 1992. *Multi-cultural Education: The Way Ahead*. Pietermaritzburg: Shuter & Shuter.

Cronen, V.E. & Shuter, R. 1983. Forming Intercultural Bonds. In: Gudykunst, W.B. (ed.). 1983.

de Vries, A. H. 1995. Vertellers van begrip: geslaagde insig in 'n drempeltyd. *Die Burger*, 05 Julie:7.

Department of Education. 1997. Policy document: senior phase (grades 7 to 9). s.l. Department of Education.

Ellingworth, H.W. 1988. A Theory of Adaptation in Intercultural Dyads. In: Kim, Y.Y. & Gudykunst, W.B. (eds.). 1988a.

Furnham, A. & Bochner, S. 1988. Social Difficulty in a Foreign Culture: An Empirical Analysis of Culture Shock. In: Bochner, S. (ed.). 1982.

- Furnham, A. 1988. The Adjustment of Sojourners. In: Kim, Y.Y. & Gudykunst, W.B. (eds.). 1988b.
- Gollnick, D.M. & Chinn, P.C. 1986. *Multicultural Education in a Pluralistic Society*. Columbus: Charles E. Merrill.
- Gudykunst, W.B. (ed.). 1983. *Intercultural Communication Theory*. Beverly Hills: Sage Publications.
- Gudykunst, W.B. & Hammer, M.R. 1988. Strangers and Hosts: An Uncertainty Reduction Based Theory of Intercultural Adaption. In: Kim, Y.Y. & Gudykunst, W.B. (eds.). 1988a.
- Gudykunst, W.B. (ed.). 1983. Theorizing in Intercultural Communication: An Introduction. In: Gudykunst, W.B. (ed.). 1983.
- Gudykunst, W.B. 1991. *Bridging Differences: Effective Intergroup Communication*. Newbury Park: Sage Publications.
- Gudykunst, W.B. 1988. Uncertainty and Anxiety. In: Kim Y.Y. & Gudykunst W.B. (eds.). 1988a.
- Guirdham, M. 1999. *Communicating Across Cultures*. Houndmills: Macmillan.
- Jooste, G.A. (red.). 1996. *Taxi*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.
- Heller, A. 1988. Literary Culture Images of America and Europe: An Experiment in Teaching Comparative Literature. In: Bredella & Haack, D. (eds.). 1988.
- Hewstone, Miles. 1986. Social Groups and Social Stereotypes in Intergroup

Communication: A Review and Model of Intergroup Communication Breakdown. In: Gudykunst, W.B. (ed.). 1986.

Javidi, A. & Javidi, M. 1994. Cross-cultural Analysis of Interpersonal bonding: A Look at East and West. In: Samovar, L.A. & Porter, R.E. (eds.). 1994.

Kaschula, R.H. & Anthonissen, C. 1995. *Communication Across Cultures in South Africa: Toward a Critical Language Awareness*. Johannesburg: Hodder & Stoughton.

Kim, Y.Y. 1988a. *Communication and Cross-cultural Adaptation*. Clevedon: Multilingual Matters.

Kim, Y.Y. 1988b. On Theorizing Intercultural Communication. In: Kim, Y.Y. & Gudykunst, W.B. (eds.). 1988a.

Kim, Y.Y. & Gudykunst, W.B. (eds.). 1988a. *Theories in Intercultural Communication*. Newbury Park: Sage.

Kim, Y.Y. & Gudykunst, W.B. (eds.). 1988b. *Cross-cultural Adaptation: Current Approaches*. Newbury Park: Sage.

Kim, Y.Y. & Ruben, B.D. 1988. Intercultural Transformation: A Systems Theory. In: Kim, Y.Y. & Gudykunst, W.B. (eds.). 1988a.

Kruger, E. 1995. *'n Imagologiese analise: F.A. Venter se Wit Oemfaan in die Afrikaans tweedetaalklaskamer*. Durban: Universiteit van Natal. (Ongepubliseerde M.A. - navorsingsartikel).

Leerssen, J. 1991. Echoes and Images: Reflections Upon Foreign space. In: Corbey, R. & Leerssen, J. Th. (eds.). (1991)

- May, S. 1994. *Making Multicultural Education Work*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Miller, A.G. 1982. *In the Eye of the Beholder: Contemporary Issues in Stereotyping*. New York: Praegar.
- Mogdil, S.; Verma, G.K.; Mallick, K. & Mogdil, C. (eds). 1986. Multicultural Education: 1986. The Interminable debate. In: Mogdil, S.; Verma, G.K.; Mallick, K. & Mogdil, C. (eds.).
- Mogdil, S.; Verma, G.K.; Mallick, K en Mogdil, C. (eds.). 1986. *Multicultural Education: The Interminable Debate*. London: The Falmer Press.
- Parekh, B. 1986. The Concept of Multicultural Education. In: Mogdil, S.; Verma, G.K.; Mallick, K & Mogdil, C. (eds.). 1986.
- Porter, R.E. & Samovar, L.A. 1994. An Introduction to Intercultural Communication. In: Samovar, L.A. & Porter, R.E. (eds.). 1994.
- Reddy, V. 1996. Resensies: *Taxi. Dubbelfluit*. 2(1) 117-120.
- Rode, L. en Gerwel, J. (samest.). 1995. *Keerpunt*. Kaapstad: Kwela Boeke.
- Ruben, B.D. 1983. *A System-Theoretic View*. In: Gudykunst, W.B. 1983.
- Samovar, L.A. & Porter, R.E. 1994. *Intercultural Communication: A Reader*. Belmont: Wadsworth.
- Saral, T.B. 1979. The Consciousness Theory of Intercultural Communication. In: Asante, M.K., Newmark, E & Blake, C.A. (eds.). 1979.
- Sarbaugh, L.E. 1988. *Intercultural Communication*. New Brunswick: Transaction.

- Sarbaugh, L.E. 1988. A Taxonomic Approach to Intercultural Communication. In: Kim, Y.Y. & Gudykunst, W.B. (eds.). 1988a.
- Scollon, R. & Scollon, S.W. 1995. *Intercultural Communication*. Oxford: Blackwell.
- Sitaram, K.S. & Haapanen, L.W. 1979. The Role of Values in Intercultural Communication. In: Asante, M.K., Newmark, E. & Blake, C.A. (eds.). 1979.
- Stephan, W.G. & Rosenfield, D. 1982. Racial and Ethnic Stereotypes. In: Miller, A.G. (ed.). 1982.
- Triandis, H.C. 1986. Towards Pluralism in Education. In: Modgil, S., Verma, G.K., Mallick, K. & Modgil, c. (eds.). 1986.
- Van der Linde, C.H. 1997. Intercultural Communication Within Multicultural Schools. In: *Education*. Winter 97. 118 (2): 191-208.
- Van der Merwe, C.N. 1994. *Breaking Barriers: Stereotypes and the Changing of Values in Afrikaans writing 1875-1990*. Amsterdam: Rodopi.
- Van Niekerk, M. 1996. Reënboogredenasies: Repliek op 'n intreerde. *Tydskrif vir letterkunde*. 34 (4): 20-34.
- Voestermans, P. 1991. Alterity/Identity: A Deficient Image of Culture. In: Corbey, R. & Leerssen, J. Th. (eds.). 1991.
- Yoyo, M. 1997. Aspekte van die Afrika-kultuur in Aan die punt van jou arm. <http://www.upe.ac.za//afrned/angel.htm>.
- Yum, J.O. 1988. Network Theory in Intercultural Communication. In: Kim, Y.Y. &

Gudykunst, W.B. (eds.). 1988a.
